Faceseal leakage: Inward leakage of particulate matter between the face and the faceseal during inhalation.

Filter: The part of a filtering mask that removes particulate matter from the air inhaled by the wearer.

Filtering mask: A mask entirely or substantially constructed of filter material, that covers at least the nose, mouth and chin.

Fumes: Solid particles formed by the condensation of vapours, such as those from heated metals.

Harness: The part of a filtering mask that keeps it securely in place on the face of the wearer.

Mists: Airborne liquid droplets of negligible volatility.

Particulate matter (particulate): Matter that occurs in the form of minute separate particules, such as dust, fumes and mist.

Protection factor: The inverse of the total inward leakage value (when expressed as a fraction). The protection factor indicates the degree by which the atmospheric contaminant is reduced by the respirator within the breathing zone.

Total inward leakage value: The concentration of sodiumchloride in the air inhaled through a filtering mask (measured by means of flame photometer or by a method giving equivalent results) and expressed as a percentage of the concentration of sodiumchloride in the surrounding air. The total inward leakage is the sum of the faceseal leakage, the exhalation valve leakage (if an exhalation valve is fitted) and the inward leakage value of the filter.]

3. TYPE.

3.1 A filtering mask shall be of one of the types listed in column 1 of Table 1, relevant to its protection factor given in column 2.

TABLE 1

TYPES OF FILTERING MASKS

1	2	3
Type	Protection factor	Total inward leakage value, %, max.
FF1	5	20
FF2	10	10
FF3	20	5

4. CONSTRUCTIONAL REQUIREMENTS.

4.1 GENERAL.

(a) Filters shall be constructed of materials suitable for the designated usage.

(b) Materials that may come into contact with the skin shall be non-staining, soft and pliable, and shall not contain substances known to cause dermatitis, or known to have any adverse effect on health.

(c) Any dust of the filtering media that is released by the air flow through the filter shall not constitute a hazard or a nuisance to the wearer.

(d) The use of aluminium, magnesium and titanium or their alloys shall be restricted to a minimum. Aluminium and light metal alloys may only be used if there is no suitable alternative.

(e) Replacement parts (if available) shall be so designed and constructed as to permit easy installation, where possible by hand.

(f) The colour of a filtering mask shall be white except in cases where the filtering mask has additional protection properties.

4.2 FILTERING MASKS.

(a) A filtering mask shall cover at least the nose, mouth and chin.

(b) A filtering mask shall be provided with a harness.

4.3 HARNESSES.

(a) A harness shall hold the filtering mask firmly and comfortably in position.

(b) If the harness of a filtering mask has adjusters, they shall be in such a position that the comfort or safety characteristics of a safety helmet worn in conjunction with the filtering mask are not impaired.

(c) A harness shall be such that the exhaled air does not lift the filtering mask from the face of a dummy head at an exhalation flow rate of 300 ℓ /min.

(d) A harness shall be so designed that the filtering mask can be fitted and removed easily.

4.4 VALVES: If an exhalation valve is provided, it shall be shrouded for protection against dirt and mechanical damage and shall function properly in all orientations.

5. PERFORMANCE REQUIREMENTS.

5.1 RESISTANCE TO TEMPERATURE: When tested in accordance with subsection 7.3 of SABS 1455 'Respiratory equipment for protection against harmful particulates and gas' Part III—1988 'Particulate filtering masks'*, masks and harness straps shall not show any appreciable deformation, discoloration or cracking, and shall still comply with the requirements of 5.3 and 5.5

5.2 STRENGTH REQUIREMENTS FOR EXHALATION VALVES.

(a) If the housing of an exhalation valve or valves is attached to the face blanket, it shall withstand an axial tensile force of 10 N for 10 seconds.

(b) After having been tested in accordance with subsection 7.4.2 (a) and (b) of SABS 1455: Part III—1988, an exhalation valve or valves shall continue to operate correctly.

(c) When tested in accordance with subsection 7.4.2 (d) and (e) of SABS 1455: Part III—1988, at pressures of +250 Pa; −100 Pa and −250 Pa, an exhalation valve shall not leak at a rate exceeding 30 mℓ /min.

5.3 FLOW RESISTANCE.

5.3.1 *Exhalation resistance:* When determined in accordance with subsection 7.5 of SABS 1455: Part III—1988, the exhalation flow resistance of a filtering mask or of an exhalation valve shall not exceed 300 Pa at a continuous flow rate of 160 ℓ /min.

* Published by Government Notice No. 1652 dated 19 August 1988.

5.3.2 *Inhalation resistance:* When determined in accordance with subsection 7.5 of SABS 1455: Part III—1988, the inhalation flow resistance of a filtering mask shall not exceed the appropriate values given in columns 2 and 3 of Table 2.

TABLE 2

MAXIMUM INHALATION FLOW RESISTANCE OF FILTERING MASKS

1	2	3
Type of filtering mask	Flow resistance, Pa*, max.	
	Flow rate, ℓ/min	
	30	95
FF1	60	210
FF2	70	240
FF3	70	240

* When measured at an air density of 1,0 ± 0,05 kg/m³.

5.4 TOTAL INWARD LEAKAGE VALUE: When determined in accordance with subsection 7.6 of SABS 1455: Part III—1988, the total inward leakage value of a filtering mask shall not exceed the appropriate value given in column 2 of Table 3.

TABLE 3

TOTAL INWARD LEAKAGE VALUES

1	2
Type of filtering mask	Total inward leakage value, %, max.
FF1	20
FF2	10
FF3	5

5.5 INWARD LEAKAGE VALUE OF FILTER MATERIAL: When determined in accordance with subsection 7.7 of SABS 1455: Part III—1988, the inward leakage value of the filter material of a filtering mask shall not exceed the appropriate value given in Table 4, and the filter shall still comply with the applicable requirements of 5.3.2.

TABLE 4

INWARD LEAKAGE VALUES

1	2
Type of filtering mask	Inward leakage value at 95 ℓ/min., %, max.
FF1	20
FF2	6
FF3	6

5.6 LOADING: After a filtering mask has been loaded with dolomite dust in accordance with subsection 7.8 of SABS 1455: Part III—1988, the mass of dust accumulated at the applicable flow resistance given in column 2 or 3 (as applicable) of Table 5 shall be at least the value given in column 4.

TABLE 5

DUST LOADING

1	2	3	4
Type of filtering mask	Flow resistance at 95 ℓ/min., Pa		Mass of dust, mg, min.
	With valve	Without valve	
FF1	400	300	1 500
FF2	500	400	1 500
FF3	500	400	1 500

5.7 FLAME RESISTANCE: When tested in accordance with subsection 7.9 of SABS 1455: Part III—1988, the materials of a filtering mask shall be self-extinguishing.

Note: It is not required that the filtering mask still be usable after the test.

5.8 RESISTANCE TO SIMULATED WEARING TREATMENT: A filtering mask shall comply with the inward leakage value requirements of 5.5 both before and after undergoing the simulated wearing treatment described in subsection 7.10 of SABS 1455: Part III—1988.

6. PACKING, MARKING AND ADDITIONAL INFORMATION.

6.1 PACKING: Filtering masks shall be packed in acceptable containers and in a manner that prevents damage during normal transportation and storage.

6.2 MARKING: The following information shall appear in legible and indelible marking on each filtering mask:

(a) The manufacturer's name, trade name or trade mark;

(b) the type (see 3.1).

6.3 ADDITIONAL INFORMATION. The smallest package unit of filtering masks shall be accompanied by an information leaflet (printed in both of the official languages of the Republic of South Africa) that includes at least the following:

(a) A warning, stating the limiting conditions of use (e.g. the maximum exposure time);

(b) the words "Not for use in stills, tanks, enclosed places or in any circumstances where gas is likely to be present, or in oxygen-deficient atmospheres";

(c) when the reliable performance of components may be affected by aging, the end of shelf-life, which shall also be marked on the smallest package unit;

(d) the words "Not suitable for disinfecting or cleaning";

(e) the size or model;

(f) the date of manufacture (e.g. the month and the year), or the batch number, or both;

(g) the date of expiry or the rated shelf-life;

(h) the facial characteristics for which the filtering mask is suitable, described in an acceptable manner;

(i) the protection factor.

BYLAE

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR RESPIRATORIESE UITRUSTING VIR BESKERMING TEEN SKADELIKE PARTIKELSTOF EN GAS

DEEL I: MASKERS VIR PARTIKELSTOF EN GAS

1. BESTEK.

1.1 Hierdie deel van die spesifikasie dek vereistes vir die algemene ontwerp, die kwaliteit van komponente en die prestasie van drie tipes maskers vir respiratoriese beskerming.

1.2 Hierdie deel van die spesifikasie dek nie filtreermaskers nie.

1.3 Hierdie deel van die spesifikasie dek ook 'n waarskuwingsvereiste vir partikelmaskers en maskers vir hinderlike stof (kyk 6.4).

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie deel van die spesifikasie:

Aanneemlik: Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie deel van die spesifikasie toepas.

Beskermingsfaktor: Die omgekeerde van die waarde vir totale lekkasie na binne (as 'n breukdeel uitgedruk). Die beskermingsfaktor gee 'n aanduiding van die mate waarin die respirator die atmosferiese kontaminant in die asemhalingsone verminder.

Gesigseël: 'n Buigsame lip of lugkussing wat die masker dig op die gesig laat sluit.

Gesigseëllekkasie: Lekkasie na binne van omringende atmosfeer tussen die gesig en die gesigseël tydens inaseming, uitgedruk as 'n persentasie volgens volume van die totale lug ingeasem.

Gesigskleed: Die deel van 'n masker wat 'n gedeelte van die draer se gesig bedek.

Halfmasker: 'n Masker wat die neus, mond en ken bedek.

Inasemklep: Die meganisme wat in 'n masker ingebou is en wat die filtreereenheid tydens uitaseming sluit en dit tydens inaseming oopmaak.

Koptuig: Die deel van 'n masker wat dit stewig op die draer se gesig in posisie hou.

Kwartmasker: 'n Masker wat die neus en mond bedek.

Masker. Die deel van 'n respirator wat op die gesig gedra word en wat bestaan uit die gesigskleed, uitasem-en inasemklep(pe) (indien toepaslik), oogdekstuk(ke) (indien toepaslik) en gesigseëls. 'n Masker kan 'n kwart-, half- of volmasker of 'n partikelfiltreermasker wees (kyk Deel III van die spesifikasie).

Oogdekstuk(ke): Die deursigtige deel(dele) van 'n volmasker wat die draer se oë bedek.

Partikelstof: Stof wat in die vorm van baie klein afsonderlike deeltjies soos stof, walms en newel voorkom.

Produksielot: Maskers van dieselfde ontwerp en konstruksie en gemaak van materiaal van dieselfde besending.

Spesiale verbinding: 'n Middel waardeer twee items met mekaar verbind word en wat geskik en toereikend vir die beoogde doel is.

Uitasemklep: Die meganisme wat in 'n masker ingebou is en waardeur lug wat uitgeasem word, na buite vloei.

Volmasker: 'n Masker wat die oë, neus, mond en ken bedek.

Waarde vir lekkasie na binne van masker: Die konsentrasie natriumchloried (gemeet met 'n vlamfotometer of volgens 'n metode wat gelykwaardige resultate lewer) in die lug wat deur 'n masker ingeasem word, uitgedruk as 'n persentasie van die natriumchloriedkonsentrasie in die omringende lug.

Waarde vir totale lekkasie na binne (gesamentlike penetrasiewaarde): Die som van die waardes vir lekkasie na binne van die filter en van die masker (kyk Aanhangsel B-1 van SABS 1455 'Respiratoriese uitrusting vir beskerming teen skadelike partikelstof en gas' Deel I—1988 'Maskers vir partikelstof en gas'*).

3. TIPE.

3.1 'n Masker moet van een van die tipes wees wat in kolom 1 van Tabel 1 teenoor die toepaslike beskrywing in kolom 2 aangegee word.

TABEL 1

TIPES MASKERS

1	2
Tipe	Beskrywing
M1	Half- of kwartmasker geskik vir gebruik met 'n vervangbare filter.
M2	Half- of volmasker geskik vir gebruik met 'n vervangbare filter(s) wat op die masker aangebring is of dmv 'n asmenhalingsbuis met die masker verbind is.
M3	Volmasker geskik vir gebruik met 'n vervangbare filter(s) wat op die masker aangebring is of dmv 'n asemhalingsbuis met die masker verbind is.

4. KONSTRUKSIEVEREISTES.

4.1 ALGEMEEN.

(a) Materiaal wat met die vel in aanraking kan kom, moet nie-vlekkend, sag en buigsaam wees en mag geen bestanddele bevat waarvan bekend is dat dit dermatitis veroorsaak nie of wat na wete 'n nadelige uitwerking op die gesondheid het nie.

(b) Die gebruik van aluminium, magensium en titaan of legerings daarvan moet tot die minimum beperk word. Aluminium- en ligte metaallegerings mag slegs gebruik word indien daar geen geskikte alternatief is nie.

(c) 'n Masker en die onderdele daarvan moet so ontwerp en gemaak wees dat maklike toegang vir ondersoek en herstelwerk verkry kan word en dat dele wat van tyd tot tyd skoongemaak en ontsmet moet word, maklik bereik kan word.

(d) Vervangingsdele moet so ontwerp en gemaak wees dat hulle maklik ingesit kan word.

4.2 MASKERS.

(a) 'n Masker moet van 'n koptuig voorsien wees.

(b) 'n Volmasker moet voorsiening maak vir die opsionele gebruik van korrektiewe brille of lense, en die gebruik daarvan mag nie aan die respirasiebeskermende eienskappe van die masker afbreuk doen nie.

(c) 'n Volmasker moet so ontwerp wees dat wasemvorming op die oogdekstuk of lense tot die minimum beperk word.

4.3 KOPTUIE.

(a) 'n Koptuig moet maklik verstelbaar of selfverstellend wees en moet die masker stewig en gemaklik op die gesig in posisie kan hou.

(b) Die bande van 'n koptuig moet by die punt waar dit met die kop in aanraking kom, in die geval van 'n vol- of halfmasker verkieslik minstens 15 mm breed wees en in die geval van 'n kwartmasker minstens 8 mm breed.

* Gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1652 gedateer 19 Augustus 1988.

(c) Die verstellers van die koptuig van 'n volmasker moet so ontwerp wees dat hulle losgemaak moet word om die masker af te haal. Dit verseker dat die draer die koptuigbande elke keer voor gebruik moet verstel.

(d) Die verstellers van die koptuig van 'n half- of kwartmasker moet so geplaas wees dat daar nie afbreuk gedoen word aan die gemak of veiligheidseienskappe van 'n veiligheidshelm wat saam met die masker gedra word nie.

4.4 KLEPPE.

(a) Alle maskers moet van 'n ingeboude uitasemklep of -kleppe voorisen wees.

(b) Inasemkleppe moet in alle volmaskers en in alle maskers met 'n asemhalingsbuis voorsien wees.

(c) Die uitasemklep(pe) moet omhul wees vir beskerming teen vuiligheid en meganiese beskadiging en moet in alle oriëntasies behoorlik werk.

4.5 VERBINDINGS.

(a) Die verbinding tussen 'n volmasker en 'n filter of 'n asemhalingsbuis moet bewerkstellig word dmv 'n regsskroefdraadverbinding soos in Fig. 1 van SABS 1455: Deel I—1988 aangetoon.

(b) Die verbinding tussen alle ander maskers en filters of asemhalingsbuise moet bewerkstellig word dmv 'n regsskroefdraadverbinding soos in Fig 1 van SABS 1455: Deel I—1988 aangetoon of met 'n spesiale verbinding.

(c) Spesiale en skroefdraadverbindings moet maklik met die hand verbind kan word en enige middel wat vir verseëling gebruik word, moet in posisie bly wanneer die verbinding tydens normale instandhouding ontkoppel word.

4.6 ASEMHALINGSBUISE: 'n Asemhalingsbuis moet buigsaam wees, moet 'n minimum binnediameter van 20 mm hê en moet so gemaak wees dat daar voorkom word dat—

(a) vrye kopbeweging beperk word;
(b) die passing van maskers versteur word; en
(c) lugvloei a.g.v. kinkels of ken- of armdruk afgesluit word.

5. PRESTASIEVEREISTES.

5.1 TEMPERATUURBESTANDHEID: Volgens onderafdeling 7.3 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, mag maskers, lense asemhalingsbuise en koptuigbande geen merkbare vervorming, verkleuring of barsvorming toon nie.

5.2 STERILISASIEBESTANDHEID: Volgens onderafdeling 7.4 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, mag maskers, lense en asemhalingsbuise geen teken van verswakking toon nie en mag dit nie klewerig word nie.

5.3 STERKTEVEREISTES.

5.3.1 *Bande:* Volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, moet elke verstelbare koptuigband van 'n volmasker 'n trekkrag van 150 N deurstaan, en moet elke verstelbare koptuigband van 'n kwart-en 'n halfmasker 'n trekkrag van 50 N deurstaan.

5.3.2 *Verbindings:* Volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, moet elke verbinding 'n trekkrag van 50 N deurstaan.

5.3.3 *Uitasemkleppe:*

(a) Indien 'n uitasemklep of -kleppe aan die gesigskleed bevestig is, moet die klep(pe), volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, 'n aksiale trekkrag van 150 N deurstaan.

(b) 'n Uitasemklep of -kleppe moet steeds reg werk nadat dit volgens onderafdeling 7.7.2(a) en (b) van SABS 1455: Deel I—1988 getoets is.

(c) Volgens onderafdeling 7.7.2 (d) en (e) van SABS 1455: Deel I—1988 by 'n druk van ± 250 Pa; −100 Pa en −250 Pa getoets, mag 'n uitasemklep of -kleppe nie teen 'n tempo van meer as 30 mℓ/min. lek nie.

5.3.4 *Asemhalingsbuis:* Volgens onderafdeling 7.6 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, moet die asemhalingsbuis onbeskadig bly en mag daar geen permanente vervorming aan die einde van die toets wees nie. Volgens onderafdeling 7.6.2 (b) en (c) van SABS 1455: Deel I—1988 gemeet, mag die vloeitempo in elke geval met hoogstens 10 % van die oorspronklike waarde afneem.

5.4 VLOEIWEERSTAND.

5.4.1 *Uitasemkleppe:* Volgens onderafdeling 7.8 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, mag die vloeiweerstand van 'n uitasemklep nie 180 Pa oorskry nie. Indien twee of meer uitasemkleppe tussenverbind is om 'n gesamentlike uitasemroete te vorm, mag die gesamentlike vloeiweerstand nie 180 Pa oorskry nie.

5.4.2 *Maskers:* Volgens onderafdeling 7.8 van SABS 1455: Deel I—1988 bepaal, mag die inasemvloeiweerstand van 'n masker nie die waarde in kolom 3 van Tabel 2 aangegee teenoor die tipe masker oorskry nie.

TABEL 2

MAKSIMUM INASEMVLOEIWEERSTAND VAN MASKERS

1	2	3
Tipe masker	Dele	Vloeiweerstand, Pa*, maks
M1/M2	Kwart- of halfmasker	130
M2	Halfmasker met asemhalingsbuis	180
M2/M3	Volmasker	150
M2/M3	Volmasker met asemhalingsbuis	200

* Gemeet by 'n lugdigtheid van 1,0 ± 0,05 kg/m^3.

5.5 WAARDE VIR LEKKASIE NA BINNE VAN MASKERS: Volgens onderafdeling 7.9 van SABS 1455: Deel I—1988 bepaal, mag die werklike waarde vir lekkasie na binne *IA* van 'n masker, nie die waarde in kolom 2 van Tabel 3 aangegee teenoor die tipe masker oorskry nie.

TABEL 3

WAARDES VIR LEKKASIE NA BINNE

1	2
Tipe masker	Waarde vir lekkasie na binne, %, maks.
M1	5
M2	5
M3	0,1

Opmerking: Die waarde vir lekkasie na binne van 'n masker is slegs van nut in samehang met die waarde vir lekkasie na binne van die filter, waardeur 'n waarde vir totale lekkasie na binne verkry word.

5.6 OPTIESE KWALITEIT: Volgens onderafdeling 7.10 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, mag die lense van 'n volmasker nie foute hê wat die waardes in Tabel 4 oorskry nie.

TABEL 4

OPTIESE KWALITEIT

1	2
Tipe fout	Waarde, maks.
Prismatiese effek	0,12 mm/m
Sferiese sterkte	0,06m^{-1}
Astigmatisme	0,06m^{-1}

5.7 LIGTRANSMITTANSIE: Volgens onderafdeling 7.11 van SABS 1455: Deel I—1988 bepaal, moet die sigbare ligtransmittansie deur die lense minstens 80 % wees.

5.8 SLAGBESTANDHEID: Volgens onderafdeling 7.12 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, mag die lens(e) van 'n volmasker geen teken van barsvorming toon nie.

5.9 VLAMBESTANDHEID.

5.9.1 Volmasker: Volgens onderafdeling 7.13 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, moet die materiaal van die masker selfblussend wees en mag die waardes vir lekkasie na binne nie dié in Tabel 3 oorskry nie.

5.9.2 Kwart- en halfmasker: Volgens onderafdeling 7.14 van SABS 1455: Deel I—1988 getoets, moet die materiaal van die masker selfblussend wees.

5.10 GESIGSVELD: 'n Sirkel met 'n diameter van 2 m wat op 'n vertikale muur geteken is, moet vir die draer van die masker (met albei sy oë oop) ten volle sigbaar wees op 'n horisontale afstand van 1,5 m sonder dat die draer sy kop of die masker hoef te beweeg.

6. VERPAKKING, MERKE EN BYKOMENDE BESONDERHEDE.

6.1 VERPAKKING: Maskers moet op so 'n wyse in aanneemlike houers verpak wees dat hulle nie tydens normale vervoer en bewaring beskadig sal raak nie.

6.2 MERKE.

6.2.1 *Merke op die masker en asemhalingsbuis:* Die volgende besonderhede moet leesbaar en onuitwisbaar op elke masker en asemhalingsbuis aangebring wees:

(a) Die fabrikant se naam, handelsnaam of handelsmerk;

(b) die datum van vervaardiging (bv die maand en jaar) of die produksielotnommer of albei.

6.3 BYKOMENDE BESONDERHEDE: Elke masker moet vergesel gaan van 'n inligtingsblaadjie (in albei amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika gedruk) wat minstens die volgende besonderhede bevat:

(a) 'n Waarskuwing wat die grense vir gebruikstoestande meld;
(b) behalwe in die geval van volmaskers vir selfstandige asemhalingsapparate, die woorde "Nie vir gebruik in distilleerketels, tenks, geslote ruimtes of in enige omstandighede waar gas moontlik aanwesig kan wees, behalwe in gevalle waar die tipe gas en die konsentrasie daarvan bekend is en die masker van die toepaslike gasfilter voorsien is, of in atmosfere met 'n suurstoftekort nie";
(c) indien veroudering die betroubare werkverrigting van komponente kan beïnvloed, die einde van die bewaarduur, wat ook op die kleinste verpakkingseenheid aangebring moet wees;
(d) die gelaatstrekke waarvoor die masker geskik is, op aanneemlike wyse beskryf;
(e) die tipe (kyk 3.1);
(f) die grootte of model;
(g) die aanbevole model(le) en tipe(s) filter(s) wat geskik vir gebruik op die masker is, tesame met die beskermingsfaktor vir sodanige kombinasie(s);
(h) besonderhede oor bewaring, instandhouding en skoonmaakprosedures sowel as aanwysigings vir korrekte gebruik (piktogramme is aanneemlik).

6.4 PARTIKELMASKERS EN MASKERS VIR HINDERLIKE STOF: Maskers wat nie aan die vereistes van Afdeling 3, 4, of 5 voldoen nie, moet vergesel gaan van 'n waarskuwingsblaadjie (in albei amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika gedruk) wat minstens die volgende waarskuwings bevat:

(a) Dié maskers bied geen beskerming teen skadelike stof, newel, walms, dampe en gas nie;
(b) atmosfere wat oplosmiddels, chemikalieë, asbesstof, stofkonsentrasies, looddampe, verfspuitstof of plaagdoderspuitstof bevat, is slegs 'n paar van die atmosfere wat as skadelik geag kan word;
(c) dié maskers mag nie gebruik word in atmosfere waar sodanige skadelike stowwe aanwesig is nie en waar die gebruik van sodanige maskers in dié atmosfere 'n misdryf is ingevolge bepaalde wetgewing;
(d) dit is die werkgewer se plig om te verseker dat die korrekte respiratoriese beskermende uitrusting in skadelike atmosfere gebruik word;
(e) persone wat twyfel, moet raad oor respiratoriese beskerming inwin deur met die volgende instansies te skakel:

(1) The South African Protective Equipment Manufacturers' Association, Johannesburg; of
(2) Die Departement van Mannekrag, Beroepsveiligheidsafdeling, Pretoria; of
(3) Die Departement van Mineraal- en Energiesake, Lugkwaliteitsafdeling, Johannesburg.

'n Eksemplaar van SABS 0220-1988 'Die keuse, gebruik en instandhouding van respiratoriese beskermingsuitrusting' * moet ook verkry word.

7. GELYKWAARDIGE VEREISTES.

7.1 Daar kan geag word dat daar aan die vereistes van afdeling 4 en 5 voldoen word indien apparaat wat binne die bestek van hierdie deel van die verpligte spesifikasie val, aan die vereistes van minstens een van die volgende standaarde voldoen:

(a) BS 2091: 1969—Respirators for protection against harmful dusts and gases;
(b) pr EN 136 van November 1987 en daaropvolgende uitgawes: Respiratory protrective devices, full face masks. Requirements, testing, marking;
(c) pr EN 140 van Maart 1987, CEN/TK 79/SG 3 N170 en daaropvolgende uitgawes: Respiratory protective devices, half masks and quarter masks. Requirements, testing, marking;
(d) DIN 3181 Deel 2 05/80—Breathing appartus; filters for respiratory protective devices, particulate filters, safety requirements, testing and marking;
(e) DIN 3181 Deel 3 11/82—Respiratory equipment; filters for respiratory protective devices; special filters, marking; en
(f) Federal Register (VSA) Vol. 37 No. 59 van 25 Maart 1972—Respiratory protective devices; Tests for permissibility; fees.

VERPLIGTE SEPSIFIKASIE VIR RESPIRATORIESE UITRUSTING VIR BESKERMING TEEN SKADELIKE PARTIKELSTOF EN GAS

DEEL II: RESPIRATORIESE PARTIKELFILTERS

1. BESTEK.

1.1 Hierdie deel van die spesifikasie dek vereistes vir die algemene ontwerp, die kwaliteit van komponente en die prestasie van drie tipes filters vir beskerming teen partikelstof, met inbegrip van walms en newel waarvan die vlugtigheid onbeduidend is.

* Gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1652 gedateer 19 Augustus 1988.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie deel van die spesifikasie:

Aanneemlik: Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie deel van die spesifikasie toepas.

Beskermingsfaktor: Die omgekeerde van die waarde vir totale lekkasie na binne (as 'n breukdeel uitgedruk). Die beskermingsfaktor gee 'n aanduiding van die mate waarin die respirator die atmosferiese kontaminant in die asemhalingsone verminder.

Newel: Luggedraagde vloeistofdruppeltjies waarvan die vlugtigheid onbeduidend is.

Partikelfilter: Die deel van 'n respiratoriese filter wat partikelstof verwyder uit die lug wat die draer van die filter inasem.

Partikelstof: Stof wat in die vorm van baie klein afsonderlike deeltjies soos stof, walms en newel voorkom.

Spesiale verbinding: 'n Middel waarmee twee items met mekaar verbind word en wat geskik en toereikend vir die beoogde doel is.

Stof: Fyn verdeelde, soliede partikels wat gewoonlik deur die prosessering (d.w.s. vergruising, fynmaak ens) van materiaal ontstaan.

Waarde vir lekkasie na binne van filter: Die konsentrasie natriumchloried (gemeet met 'n vlamfotometer of volgens 'n metode wat gelykwaardige resultate lewer) in die lug wat deur 'n filter ingeasem word, uitgedruk as 'n persentasie van die natriumchloriedkonsentrasie in die omringende lug.

Waarde vir totale lekkasie na binne (gesamentlike penetrasiewaarde): Die som van die waardes vir lekkasie na binne van die filter en van die masker.

Walms: Soliede partikels wat gevorm word deur die kondensasie van damp soos dié van verhitte metaal.

3. TIPE.

3.1 'n Filter moet van een van die tipes wees wat in kolom 1 van Tabel 1 teenoor die maksimum waarde vir lekkasie na binne (kyk 5.3) in kolom 2 aangegee word.

TABEL 1

TIPES FILTERS

1	2
Tipe	Waarde vir lekkasie na binne, %, maks.
F1	20
F2	6
F3	0,05

Opmerking: Die waarde vir lekkasie na binne van 'n filter is slegs van nut in samehang met die waarde vir lekkasie na binne van die masker, waardeur 'n waarde vir totale lekkasie na binne verkry word.

4. KONSTRUKSIEVEREISTES.

4.1 ALGEMEEN.

(a) Die filteromhulsel moet gemaak wees van materiaal wat geskik is vir die aangewese gebruik.

(b) Materiaal wat na wete 'n nadelige uitwerking op die gesondheid het, mag nie as 'n filtreermedium gebruik word nie.

(c) Die filter moet maklik sonder die gebruik van spesiale gereedskap vervang kan word en moet so ontwerp of gemerk wees dat verkeerde samestelling voorkom word.

(d) Stof van die filtreermedium wat deur die lugvloei deur die filter vrygestel word, mag nie vir die draer gevaar inhou of hom hinder nie.

(e) Die gebruik van aluminium, magnesium en titaan of legerings daarvan moet tot die minimum beperk word. Aluminium- en ligte- metaallegerings mag slegs gebruik word indien daar geen geskikte alternatief is nie.

(f) Die kleur van die filteromhulsel moet wit wees.

4.2 VERBINDINGS.

(a) Die verbinding tussen 'n filteromhulsel en 'n masker moet bewerkstellig word d.m.v. 'n spesiale verbinding of d.m.v. 'n regsskroefdraadverbinding.

---

* Gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1652 gedateer 19 Augustus 1988.

(b) Spesiale en skroefdraadverbindings moet maklik met die hand verbind kan word en enige middel wat vir verseëling gebruik word, moet in posisie bly wanneer die verbinding tydens normale instandhouding ontkoppel word.

(c) Indien die filterhouer permanent met die masker verbind is, moet daar voorsiening gemaak word vir 'n keertoestel om die filterelement in posisie te hou en die nodige verseëling te verkry.

5. PRESTASIEVEREISTES.

5.1 STERKTEVEREISTES: Nadat die filter volgens onderafdeling 7.3 van SABS 1455 'Respiratoriese uitrusting vir beskerming teen skadelike partikelstof en gas' Deel II—1988 'Respiratoriese partikelfilters'* aan hardhandige gebruik onderwerp is, mag dit—

(a) geen sigbare meganiese defekte toon nie;

(b) nie 'n verskil van meer as 10 % van die aanvanklike waardes (kyk 5.2) in die vloeiweerstand toon nie en moet dit steeds aan die vereistes van 5.2 voldoen; en

(c) wat die waarde vir lekkasie na binne betref, nie 'n verskil van meer as 10 % van die syfer wat voor die toets vir hardhandige gebruik (kyk 5.3) verkry is, toon nie en moet dit steeds aan die vereistes van 5.3 voldoen.

5.2 VLOEIWEERSTAND: Volgens onderafdeling 7.4 van SABS 1455: Deel II—1988 bepaal, mag die inasemvloeiweerstand van 'n filter nie die waardes in kolom 2 en 3 van Tabel 2 oorskry nie.

TABEL 2

MAKSIMUM INASEMVLOEIWEERSTAND VAN FILTERS

1	2	3
Tipe filter	Vloeiweerstand, Pa*, maks.	
	Vloeitempo, ℓ/min.	
	30	95
F1	60	210
F2	70	240
F3	120	420

* Gemeet by 'n lugdigtheid van 1,0 ± 0,05 kg/m³.

5.3 WAARDE VIR LEKKASIE NA BINNE VAN FILTER: Volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel II—1988 bepaal, mag die werklike waarde vir lekkasie na binne van 'n filter nie die toepaslike waarde in kolom 2 van Tabel 1 aangegee teenoor die tipe filter oorksry nie en moet die filter steeds aan die toepaslike vereistes van 5.2 voldoen.

5.4 VULLING.

5.4.1 *Tipe F1- en F2-filters:* Nadat 'n filter volgens onderafdeling 7.6 van SABS 1455: Deel II—1988 met dolomietstof gevul is, moet die massa stof wat versamel het by die toepaslike vloeiweerstand in kolom 2 van Tabel 3 aangegee, minstens die waarde in kolom 3 wees.

TABEL 3
STOFVULLING

1	2	3
Tipe filter	Vloeiweerstand, Pa	Massa stof, mg, min.
F1	400	1 500
F2	500	1 500

5.4.2 *Tipe F3-filters:* Nadat 'n filter volgens onderafdeling 7.7 van SABS 1455: Deel II—1988 met natriumchloried-aërosol gevul is, mag die vloeiweerstand (kyk 5.2) van 'n tipe F3-filter nie 800 Pa oorskry nie en mag die waarde vir lekkasie na binne nie die waarde in Tabel 1 oorskry nie.

6. VERPAKKING, MERKE EN BYKOMENDE BESONDERHEDE.

6.1 VERPAKKING: Filters moet op so 'n wyse in aanneemlike houers verpak wees dat hulle nie tydens normale vervoer en bewaring beskadig sal raak nie.

6.2 MERKE: Die volgende besonderhede moet leesbaar en onuitwisbaar op elke filter aangebring wees:

(a) Die fabrikant se naam, handelsnaam of handelsmerk;

(b) die datum van vervaardiging (bv. die maand en jaar) of die produksielotnommer of albei;

(c) die tipe filter (kyk 3.1)

* Gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1652 gedateer 19 Augustus 1988.

6.3 BYKOMENDE BESONDERHEDE: Die kleinste verpakkingseenheid met filters moet vergesel gaan van 'n inligtingsblaadjie (in albei amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika gedruk) wat minstens die volgende besonderhede bevat:

(a) 'n Waarskuwing wat die grense vir gebruikstoestande word meld (bv die maksimum blootstellingstydperk);

(b) die tipe(s) masker(s) (kyk Deel I van die spesifikasie) waarvoor die filter geskik is en die beskermingsfaktor vir sodanige kombinasie(s);

(c) die woorde "Nie vir gebruik in distilleerketels, tenks, geslote ruimtes of in enige omstandighede waar gas moontlik aanwesig kan wees of in atmosfere met 'n suurstoftekort nie";

(d) besonderhede oor bewaring, instandhouding en skoonmaakprosedures sowel as aanwysings vir korrekte gebruik en wegdoening van gebruikte filters wat gevaarlike materiaal bevat (piktogramme is aanneemlik);

(e) die vervaldatum waarna die filter nie gebruik moet word nie.

7. GELYKWAARDIGE VEREISTES.

7.1 Daar kan geag word dat daar aan die vereistes van Afdelings 3, 4 en 5 voldoen word indien apparaat wat binne die bestek van hierdie deel van die verpligte spesifikasie val, aan die vereistes van minstens een van die volgende standaarde voldoen:

(a) BS 2091: 1969—Respirators for protection against harmful dusts and gases;

(b) BS 4555: 1970—High efficiency dust respirators;

(c) pr EN 143 van Desember 1986, CEN/TK 79/SG 4-177E en daaropvolgende uitgawes: Respiratory protective devices, particle filters. Requirements, testing, marking;

(d) DIN 3181 Deel 2 05/80—Breathing apparatus; filters for respiratory protective devices, particulate filters, safety requirements, testing and marking;

(e) DIN 3181 Deel 3 11/82—Respiratory equipment; filters for respiratory protective devices; special filters, marking; en

(f) Federal Register (VSA) Vol. 37 No. 59 van 25 Maart 1972—Respiratory protective devices; tests for permissibility; fees.

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR RESPIRATORIESE UITRUSTING VIR BESKERMING TEEN SKADELIKE PARTIKELSTOF EN GAS

DEEL III: PARTIKELFILTREERMASKERS

1. BESTEK.

1.1 Hierdie deel van die spesifikasie dek die vereistes vir die algemene ontwerp, die kwaliteit van komponente en die prestasie van filtreermaskers vir beskerming teen partikelstof, met inbegrip van walms en newel waarvan die vlugtigheid onbeduidend is.

1.2 Hierdie deel van die spesifikasie dek nie filtreermaskers vir beskerming teen gas of plaagdoders nie.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordepalings geld vir die doel van hierdie deel van die spesifikasie:

Aanneemlik: Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie deel van die spesifikasie toepas.

Beskermingsfaktor: Die omgekeerde van die waarde vir totale lekkasie na binne (as 'n breukdeel uitgedruk). Die beskermingsfaktor gee 'n aanduiding van die mate waarin die respirator die atmosferiese kontaminant in die asemhalingsone verminder.

Filter: Die deel van 'n filtreermasker wat partikelstof verwyder uit die lug wat die draer van die filter inasem.

Filtreermasker: 'n Masker wat heeltemal of hoofsaaklik van filtermateriaal gemaak is en wat minstens die neus, die mond en die ken bedek.

Gesigseël: 'n Buigsame lip of lugkussing wat die masker dig op die gesig laat sluit.

Gesigseëllekkasie: Lekkasie na binne van partikelstof tussen die gesig en die gesigseël tydens inasem-ing.

Koptuig: Die deel van 'n filtreermasker wat dit stewig op die draer se gesig in posisie hou.

Newel: Luggedraagde vloeistofdruppeltjies waarvan die vlugtigheid onbeduidend is.

Partikelstof: Stof wat in die vorm van baie klein afsonderlike deeltjies soos stof, walms en newel voorkom.

Stof: Fyn verdeelde, soliede partikels wat gewoonlik deur die prosessering (dws vergruising, fynmaak, ens) van materiaal ontstaan.

Uitasemklep: Die meganisme wat in 'n filtreermasker ingebou is en waardeur lug wat uitgeasem word, na buite vloei.

Waarde vir totale lekkasie na binne: Die konsentrasie natriumchloried (gemeet met 'n vlamfotometer of volgens 'n metode wat gelykwaardige resultate lewer) in die lug wat deur 'n filtreermasker ingeasem word, uitgedruk as 'n persentasie van die natriumchloriedkonsentrasie in die omringende lug. (Die totale lekkasie na binne is die som van die gesigseëllekkasie, die uitasemkleplekkasie (indien 'n uitasemklep aangebring is) en die waarde vir lekkasie na binne van die filter.)

Walms: Soliede partikels wat gevorm word deur die kondensasie van damp soos dié van verhitte metaal.

3. TIPE.

3.1 'n Filtreermasker moet van een van die tipes wees wat in kolom 1 van Tabel 1 teenoor die toepaslike beskermingsfaktor in kolom 2 aangegee word.

TABEL 1
TIPES FILTREERMASKERS

1	2	3
Tipe	Beskermingsfaktor	Waarde vir totale lekkasie na binne, %, maks.
FF1	5	20
FF2	10	10
FF3	20	5

4. KONSTRUKSIEVEREISTES.

4.1 ALGEMEEN.

(a) Filters moet gemaak wees van materiaal wat geskik is vir die aangewese gebruik.

(b) Materiaal wat met die vel in aanraking kan kom, moet nie-vlekkend, sag en buigsaam wees en mag geen bestanddele bevat waarvan bekend is dat dit dermatitis veroorssak nie of wat na wet 'n nadelige uitwerking op die gesondheid het nie.

(c) Stof van die filtreermedium wat deur die lugvloei deur die filter vrygestel word, mag nie vir die draer gevaar inhou of hom hinder nie.

(d) Die gebruik van aluminum, magnesium en titaan of legerings daarvan moet tot die minimum beperk word. Aluminium- en ligtemetaallegerings mag slegs gebruik word indien daar geen geskikte alternatief is nie.

(e) Vervangingsdele (indien beskikbaar) moet so ontwerp en gemaak wees dat hulle maklik ingesit kan word, indien moontlik met die hand.

(f) Die kleur van die filtreermasker moet wit wees behalwe in gevalle waar die filtreermasker bykomende beskermingseienskappe het.

4.2 FILTREERMASKERS

(a) 'n Filtreermasker moet minstens die neus, die mond en die ken bedek.

(b) 'n Filtreermasker moet van 'n koptuig voorsien wees.

4.3 KOPTUIE.

(a) 'n Koptuig moet die filtreermasker stewig en gemaklik in posisie hou.

(b) Indien die koptuig van 'n filtreermasker verstellers het, moet hulle so geplaas wees dat daar nie afbreuk gedoen word aan die gemak of veiligheidseienskappe van 'n veiligheidshelm wat saam met die filtreermasker gedra word nie.

(c) 'n Koptuig moet so wees dat die uitgeasemde lug nie die filtreermasker by 'n uitasemvloeitempo van 300 ℓ/min. van die gesig van 'n toetspopkop laat oplig nie.

(d) 'n Koptuig moet so ontwerp wees dat die filtreermasker maklik aangebring en verwyder kan word.

4.4 KLEPPE: Indien 'n uitasemklep voorsien is, moet dit omhul wees vir beskerming teen vuiligheid en meganiese beskadiging en moet dit in alle oriëntasies behoorlik werk.

5. PRESTASIEVEREISTES.

5.1 TEMPERATUURBESTANDHEID: Volgens onderafdeling 7.3 van SABS 1455 'Respiratoriese uitrusting vir beskerming teen skadelike partikelstof en gas' Deel III—1988 'Partikelfiltreermaskers'* getoets, mag maskers en koptuigbande geen merkbare vervorming, verkleuring of barsvorming toon nie en moet hulle steeds aan die vereistes van 5.3 en 5.5 voldoen.

* Gepubliseer by Goewermentkennisgewing No. 1652 gedateer 19 Augustus 1988.

5.2 STERKTEVEREISTES VIR UITASEMKLEPPE.

(a) Indien die onhulsel van 'n uitasemklep of -kleppe aan die gesigskleed bevestig is, moet dit 'n aksiale trekkrag van 10 N vir 'n tydperk van 10 sekondes kan deurstaan.

(b) 'n Uitasemklep of -kleppe moet steeds reg werk nadat dit volgens onderafdeling 7.4.2. (a) en (b) van SABS 1455: Deel III—1988 getoets is.

(c) Volgens onderafdeling 7.4.2. (d) en (e) van SABS 1455: Deel III—1988 by 'n druk van ± 250 Pa, −100 Pa en −250 Pa getoets, mag 'n uitasemklep nie teen 'n tempo van meer as 30 m ℓ/min. lek nie.

5.3 VLOEIWEERSTAND.

5.3.1 *Uitasemweerstand:* Volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel III—1988 bepaal, mag die uitasem-vloeiweerstand van 'n filtreermasker of van 'n uitasemklp nie 300 Pa by 'n ononderbroke vloeitempo van 160 ℓ/min. oorskry nie.

5.3.2 *Inasemweerstand:* Volgens onderafdeling 7.5 van SABS 1455: Deel III—1988 bepaal, mag die inasem-vloeiweerstand van 'n filtreermasker nie die toepaslike waardes in kolom 2 en 3 van Tabel 2 oorskry nie.

TABEL 2
MAKSIMUM INASEMVLOEIWEERSTAND VAN FILTREERMASKERS

1	2	3
Tipe filtreer-masker	Vloeiweerstand, Pa*, maks.	
	Vloeitempo, ℓ/min.	
	30	95
FF1	60	210
FF2	70	240
FF3	70	240

* Gemeet by 'n lugdigtheid van 1,0 ± 0,05 kg/m³.

5.4 WAARDE VIR TOTALE LEKKASIE NA BINNE: Volgens onderafdeling 7.6 van SABS 1455: Deel III—1988 bepaal, mag die waarde vir totale lekkasie na binne van 'n filtreermasker nie die toepaslike waarde in kolom 2 van Tabel 3 oorskry nie.

TABEL 3
WAARDES VIR TOTALE LEKKASIE NA BINNE

1	2
Tipe filtreermasker	Waarde vir totale lekka-sie na binne, %, maks.
FF1	20
FF2	10
FF3	5

5.5 WAARDE VIR LEKKASIE NA BINNE VAN FILTERMATERIAAL: Volgens onderafdeling 7.7 van SABS 1455: Deel III—1988 bepaal, mag die waarde vir lekkasie na binne van die filtermateriaal van 'n filtreermasker nie die toepaslike waarde in Tabel 4 oorskry nie en moet die filter steeds aan die toepaslike vereistes van 5.3.2 voldoen.

TABEL 4
WAARDES VIR LEKKASIE NA BINNE

1	2
Tipe filtreermasker	Waarde vir lekkasie na binne by 95 ℓ/min., %, maks.
FF1	20
FF2	6
FF3	6

5.6 VULLING: Nadat 'n filtreermasker volgens onderafdeling 7.8 van SABS 1455: Deel III—1988 met dolomietstof gevul is, moet die massa stof wat versamel het by die toepaslike vloeiweerstand in kolom 2 of 3 (soos toepaslik) van Tabel 5 aangegee, minstens die waarde in kolom 4 wees.

TABEL 5

STOFVULLING

1	2	3	4
Tipe filtreermasker	Vloeiweerstand by 95 ℓ/min., Pa		Massa stof,
	Met klep	Sonder klep	
FF1	400	300	1 500
FF2	500	400	1 500
FF3	500	400	1 500

5.7 VLAMBESTANDHEID: Volgens onderafdeling 7.9 van SABS 1455: Deel III—1988 getoets, moet die materiaal van 'n filtreermasker selfblussend wees.

Opmerking : Daar word nie vereis dat die filtreermasker na die toets nog bruikbaar moet wees nie.

5.8 BESTANDHEID TEEN NAGEBOOTSTE DRABEHANDELING: 'n Filtreermasker moet voor en na die nagebootste drabehandeling in onderafdeling 7.10 van SABS 1455: Deel III—1988 beskryf aan die vereistes vir die waarde vir lekkasie na binne van 5.5 voldoen.

6. VERPAKKING, MERKE EN BYKOMENDE BESONDERHEDE.

6.1 VERPAKKING: Filtreermaskers moet op so 'n wyse in aanneemlike houers verpak wees dat hulle nie tydens normale vervoer en bewaring beskadig sal raak nie.

6.2 MERKE: Die volgende besonderhede moet leesbaar en onuitwisbaar op elke filtreermasker aangebring wees:

(a) Die fabrikant se naam, handelsnaam of handelsmerk;

(b) die tipe (kyk 3.1).

6.3 BYKOMENDE BESONDERHEDE: Die kleinste verpakkingseenheid met filtreermaskers moet vergesel gaan van 'n inligtingsblaadjie (in albei amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika gedruk) wat minstens die volgende besonderhede bevat:

(a) 'n Waarskuwing wat die grense vir gebruikstoestande meld (bv. die maksimum blootstellingstydperk);

(b) die woorde "Nie vir gebruik in distilleerketels, tenks, geslote ruimtes of in enige omstandighede waar gas moontlik aanwesig kan wees of in atmosfere met 'n suurstoftekort nie";

(c) indien veroudering die betroubare werkverrigting van onderdele kan beïnvloed, die einde van die bewaarduur, wat ook op die kleinste verpakkingseenheid aangebring moet wees;

(d) die woord "Nie geskik vir ontsmetting of skoonmaak nie";

(e) die grootte of model;

(f) die datum van vervaardiging (bv. die maand en die jaar) of die produksielotnommer of albei;

(g) die vervaldatum of die aangeslane bewaarduur;

(h) die gelaatstrekke waarvoor die filtreermasker geskik is, op aanneemlike wyse beskryf;

(i) die beskermingsfaktor.

No. 672 **7 April 1989**

STANDARDS ACT, 1982

PROPOSED COMPULSORY SPECIFICATION FOR THE SAFETY OF STARTERS FOR TUBULAR FLUORESCENT LAMPS

Notice is hereby given in terms of section 16 (3) of the Standards Act, 1982 (Act No. 30 of 1982), that the Minister of Economic Affairs and Technology intends to declare the specification contained in the Schedule to be a compulsory specification.

The purpose of such a declaration is to prescribe safety requirements for starters for tubular fluorescent lamps.

Any person who wishes to object to the provisions of the proposed compulsory specification shall submit his objection in writing to the Director-General, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, 0001, on or before a date two months after the publication of this notice.

No. 672 **7 April 1989**

WET OP STANDAARDE, 1982

VOORGESTELDE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR DIE VEILIGHEID VAN AANSITTERS VIR BUISFLUORESSEERLAMPE

Hierby word kragtens artikel 16 (3) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet No. 30 van 1982), bekendgemaak dat die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie voornemens is om die spesifikasie wat in die Bylae vervat is tot 'n verpligte spesifikasie te verklaar.

Die doel van sodanige verpligverklaring is om veiligheidsvereistes vir aansitters vir buisfluoresseerlampe neer te lê.

Enigeen wat teen die bepalings van die voorgestelde verpligte spesifikasie wil beswaar aanteken, moet sy besware voor of op 'n datum twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing, skriftelik by die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria, 0001, indien.

SCHEDULE

COMPULSORY SPECIFICATION FOR THE SAFETY OF STARTERS FOR TUBULAR FLUORESCENT LAMPS

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the safety of interchangeable starters for use with 4–80 W pre-heat type tubular fluorescent lamps including luminaires of Class II (as defined in SABS 1464 'Safety to luminaires' Part I: 'General requirements').

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Glow-starter: A starter that depends on a glow discharge in a gaseous atmosphere.

Starter: A device, other than an on/off switch, that opens and closes the pre-heating circuit of a fluorescent lamp for the purpose of starting the lamp.

3. REQUIREMENTS.

3.1 GENERAL: A starter shall be so designed and constructed that it functions safely in use.

3.2 DIMENSIONS: The dimensions of a starter shall conform to the values given in Fig. 1.

Note: These dimensions shall be checked by means of the gauges shown in Figs 2 and 3.

3.3 PROTECTION AGAINST ACCIDENTAL ELECTRIC SHOCK: The canister of a starter shall be of insulating material.

3.4 INSULATION RESISTANCE: When a starter is tested in accordance with 5.3, the insulation resistance shall be at least 2 MΩ.

3.5 DIELECTRIC STRENGTH: When tested in accordance with 5.4 immediately after the insualtion resistance test, a starter shall withstand for 60 seconds, without breakdown, an a.c. r.m.s. voltage of 1 500 V.

3.6 RESISTANCE TO TORSION: When tested in accordance with 5.5, a starter shall withstand, without damage, a torque of 0,6 N.m applied at the top of the canister about the axis of the starter.

3.7 MECHANICAL STRENGTH: When tested in accordance with 5.6, a starter shall withstand 20 falls in the tumbling barrel without damage that might affect safety.

3.8 RESISTANCE TO HEAT: When a starter is tested in accordance with 5.7—

(a) the canister and other external parts of insulating material shall not undergo any change impairing their further use, and shall in particular not show any—
  (1) reduction of the protection against electric shock,
  (2) loosening of electrical contacts, or
  (3) cracking, swelling or shrinking;
(b) the dimensions shall still comply with 3.2; and
(c) the diameter of the indentation made by the ball-pressure apparatus on the canister or on other external parts of insulating material shall not exceed 2 mm.

3.9 RADIO INTERFERENCE SUPPRESSION CAPACITORS.

3.9.1 A starter shall incorporate a radio interference suppression capacitor. For a glow-starter, the capacitance of the capacitor shall be in the range 0,005–0,020 μF.

3.9.2 When tested in accordance with 5.8, the capacitor shall not ignite.

3.10 RESISTANCE TO FIRE: When parts of a starter made of insulating material are tested in accordance with 5.9, any self-sustaining flame shall become extinguished within 10 seconds of removal of the gas flame, and any burning material which drops from the sample shall not ignite the cotton gauze.

4. MARKING.

4.1 Each starter shall bear the following information in legible and indelible marking:

(a) The manufacturer's name, trade name or trade mark, or any combinatiuon of these;
(b) the power or the power range of the lamps for which the starter is intended;
(c) the rated voltage or voltage range of the starter;
(d) a model identification, e.g. a catalogue number;
(e) lot identification.

5. INSPECTION AND METHODS OF TEST.

5.1 INSPECTION: Visually examine and measure the starter for compliance with all the requirements of the specification for which tests to assess compliance are not given in 5.3–5.9 (inclusive).

5.2 TEST CONDITIONS.

5.2.1 *Temperature:* Unless otherwise specified, carry out the tests at an ambient temperature of 25 ± 5 °C.

5.2.2 *Sequence of tests:* Carry out the tests in the sequence given, using the same starter for all the tests.

5.3 INSULATION RESISTANCE TEST.

5.3.1 *Apparatus:*

(a) *Ohmmeter:* An oghmmeter that uses a d.c. voltage not exceeding 500 V.

(b) *Humidity cabinet:* A cabinet in which the relative humidity is maintained in the range 91–95 % and the temperature is maintained, subject to a tolerance of ±1 °C, in the range 20–27 °C.

5.3.2 *Procedure:*

(a) Condition the starter for a period of at least four hours at an ambient temperature that does not differ from the temperature in the humidity cabinet by more than $^{+4}_{0}$ °C.

(b) Subject the starter to a humidity treatment for a period of 48 h in the humidity cabinet.

(c) Immediately after the humidity treatment, wrap the canister of the starter in a layer of metal foil and apply, for one minute, a d.c. voltage of 500 ± 10 V between the live parts and the foil. Measure the insulation resistance between these parts and check for compliance with 3.4.

5.4 DIELECTRIC STRENGTH TEST.

5.4.1 *Apparatus:*

(a) *Transformer:* A transformer that is capable of supplying a variable a.c. r.m.s. voltage of up to 1 500 V to the starter and that is suitably load-limited.

(b) *Voltmeter:* A voltmeter that is connected to the secondary side of the transformer (directly, or by means of a voltmeter coil supplied in the test transformer, or through an auxiliary ratio transformer).

5.4.2 *Procedure:* Immediately after the insulation resistance test and with the foil still in place, apply an a.c. r.m.s. test voltage of 1 500 V between the live parts and the foil. Apply the test voltage by gradually increasing the voltage from a value no higher than the rated supply voltage of the starter. Maintain the test voltage for a period of 60 seconds and then gradually reduce it to the starting value and check for compliance with 3.5.

5.5 TORSION RESISTANCE TEST: Use a suitable machine with an adaptor capable of holding the pins of the starter in a fixed position. At the top of the canister, apply a torque about the axis of the starter that gradually increases from zero to 0,6 N.m. Check for compliance with 3.6.

5.6 MECHANICAL STRENGTH TEST.

5.6.1 *Apparatus:* A tumbling barrel as shown in Fig. 4.

5.6.2 *Procedure:* Allow the starter to fall 20 times onto the steel plates in the tumbling barrel turning at 5 r/min. (i.e. 10 falls per minute for two minutes). Check for compliance with 3.7.

5.7 HEAT RESISTANCE TEST.

5.7.1 *Apparatus:*

(a) *Oven:* A forced draught oven, the inside temperature of which can be maintained at 125 ± 5 °C.

(b) *Ball-pressure apparatus:* A ball-pressure apparatus as shown in Fig. 5, which exerts a force of 20 N.

5.7.2 *Procedure:*

(a) Keep the starter in the oven maintained at a temperature of 125 ± 5 °C for a period of 168 hours.

(b) Remove the starter from the oven, allow it to cool, and check for compliance with 3.8 (a).

(c) Take external parts of insulating material from the starter and support the surface of the part in a horizontal position in the oven.

(d) By means of the ball-pressure apparatus, apply a force of 20 N on the surface to be tested.

(e) Maintain the temperature in the oven at 125 ± 5 °C for a period of one hour.

(f) Remove the ball-pressure apparatus and immediately measure the diameter of the indentation made.

(g) Check for compliance with 3.8 (c).

5.8 TEST FOR RESISTANCE OF CAPACITORS TO FLAME AND IGNITION.

(a) Remove the capacitor from the starter and, using the apparatus described in 5.4.1, subject the capacitor to a gradually increasing a.c. voltage (applied to the terminals of the capacitor) until breakdown occurs.

(b) Connect the capacitor in series with a 40 W inductive ballast that complies with the requirements of SABS 890 'Ballasts for fluorescent lamps', as published by Government Notice No. 463 of 9 July 1982, and apply the rated voltage of the ballast for a period of five minutes.

(c) Check for compliance with 3.9.2.

5.9 TEST FOR RESISTANCE OF INSULATING MATERIAL TO FIRE.

5.9.1 *Apparatus:*

(a) *A burner:* A burner consisting of a tube of inside diameter 0,5 ± 0,1 mm and that burns butane of purity at least 95 % to give a flame of length 12 ± 2 mm.

(b) *Cotton gauze:* Five layers of cotton gauze spread flat on a horizontal surface.

5.9.2 *Procedure:*

(a) Clamp the part to be tested 500 ± 10 mm above the cotton gauze.

(b) In still air and for a period of 10 seconds, apply the flame to the part to be tested with the end of the burner 6 mm from the surface of the part.

(c) Remove the flame, and check for compliance with 3.10.



1	2	3
Reference	Dimensions, mm	
	Min.	Max.
A	12,5	12,9
B	-	21,5
D	4,7	5,0
E	2,8	3,2
H	33,0	36,0
L	-	4,3
S	1,7	-
T	1,9	2,2
V	2,7	-
*W**	4,2	-

* Distance over which dimension *V* applies.

Fig. 1 - Dimensions of Starters for Tubular Fluorescent Lamps



Dimensions in millimetres

NOTE : The drawing is intended only to illustrate the essential dimensions of the gauge.

Purpose : For the control of dimensions *D* min., *D* max., *L* max. and the combined pin diameter and displacement of pins.

Testing : The pins shall enter the gauge hole d_1, surface *O* and, when the pins are fully inserted, the surface of starter and gauge shall contact. In this position, the ends of the pins shall not project beyond surface *Y*. The individual pin shall enter the hole d_2, but shall not enter the hole d_3.

1	2	3
Reference	Dimensions, mm	Tolerance
A	12,70	±0,005
D_1	5,20	+0,01
D_2	5,00	+0,01
D_3	4,70	-0,01
L	4,30	+0,02
M	35	Approx.

Fig. 2 – "Go" and "Not Go" Gauge for Starters



NOTE : The drawing is intended only to illustrate the essential dimensions of the gauge.

1	2	3	4
Reference	Dimension, degrees	Dimension, mm	Tolerance, mm
A		12,70	±0,005
B		21,50	+0,01
D		5,20	+0,01
E		3,40	+0,01
K		19,0	+0,2
M		35	approx.
N		13	approx.
S		1,70	-0,01
T_1		1,90	-0,01
T_2		2,20	+0,01
α	45		approx.
β	15		approx.
V		2,60	-0,01
W		4,15	-0,01

Purpose : For the control of dimensions *B* max., *S* min., *T* min., *T* max. and the position of the pins with respect to the dimensions *A*, *D* and *E* of Fig. 1.

Testing : The starter shall enter the gauge at surface *O* until the heads of the pins have passed through holes *d*. The starter is then turned through approx. 45° and is so positioned that the heads of the pins are in close contact with surface *X*. In this position, the extremities on the heads of the pins shall not be below surface Y_1 nor shall they project beyond surface Y_2.

The centre pin as defined by the dimensions *V*-*W* may touch or move internal parts of the starter during the test.

Fig. 3 - "Go" Gauge for Starters



Fig. 4 - Tumbling Barrel



Fig. 5 - Ball-pressure Apparatus

BYLAE

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR DIE VEILIGHEID VAN AANSITTERS VIR BUISFLUORESSEERLAMPE

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die veiligheid van uitruilbare aansitters vir gebruik by voorverhitte tipe buisfluoresseerlampe van 4–80 W met inbegrip van armature van klas II (soos omskryf in SABS 1464 'Die veiligheid van armature' Deel I: 'Algemene vereistes').

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aansitter: 'n Toestel, uitgesonderd 'n aan/af-skakelaar, wat die voorverhittingskring van 'n fluoresseerlamp oopmaak en sluit met die doel om die lamp aan te sit.

Glimaansitter: 'n Aansitter wat van 'n glimontlading in 'n gasatmosfeer afhanklik is.

3. VEREISTES.

3.1 ALGEMEEN: 'n Aansitter moet so ontwerp en gemaak wees dat dit tydens gebruik veilig funksioneer.

3.2 AFMETINGS: Die afmetings van 'n aansitter moet met die waardes in Fig. 1. ooreenstem.

Opmerking: Hierdie afmetings moet nagegaan word deur gebruik te maak van die ykmate wat in Fig. 2 en 3 aangetoon word.

3.3 BESKERMING TEEN TOEVALLIGE ELEKTRIESE SKOK: Die omhulsel van 'n aansitter moet van isoleermateriaal wees.

3.4 ISOLASIEWEERSTAND: By die toets van 'n aansitter volgens 5.3, moet die isolasieweerstand minstens 2 MΩ wees.

3.5 DIËLEKTRIESE STERKTE: Volgens 5.4 onmiddellik na die isolasieweerstandstoets getoets, moet 'n aansitter 'n WS-spanning van 1 500 V WGK vir 60 sekondes sonder deurslag deurstaan.

3.6 WRINGWEERSTAND: Volgens 5.5 getoets, moet 'n aansitter 'n wringkrag van 0,6 N.m, wat by die bokant van die omhulsel om die as van die aansitter aangewend word, sonder beskadiging weerstaan.

3.7 MEGANIESE STERKTE: Volgens 5.6 getoets, moet 'n aansitter 20 valslae in die tuimeltrommel sonder beskadiging wat afbreuk aan veiligheid kan doen, deurstaan.

3.8 HITTEBESTANDHEID: By die toets van 'n aansitter volgens 5.7—

(a) mag die omhulsel en ander uitwendige dele van isoleermateriaal geen verandering ondergaan wat aan die verdere gebruik daarvan afbreuk doen nie en mag dit in die besonder geen teken toon van—

(1) verminderde beveiliging teen elektriese skok,

(2) losraak van elektriese kontakte, of

(3) barsvorming, uitsetting of inkrimping nie;

(b) moet die afmetings steeds aan 3.2 voldoen; en

(c) mag die diameter van die induiking wat die boldrukapparaat op die omhulsel of ander uitwendige dele van isoleermateriaal maak, nie 2 mm oorskry nie.

3.9 KAPASITORS VIR RADIOSTEURINGSONDERDRUKKING.

3.9.1 'n Aansitter moet 'n kapasitor vir radiosteuringsonderdrukking insluit. In die geval van 'n glimaansitter moet die kapasitansie van die kapasitor in die bestek van 0,005–0,020 μF wees.

3.9.2 Volgens 5.8 getoets, mag die kapasitor nie ontbrand nie.

3.10 BRANDBESTANDHEID: By die toets volgens 5.9 van dele van 'n aansitter wat van isoleermateriaal gemaak is, moet enige selfonderhoudende vlam binne 10 sekondes na verwydering van die gasvlam uitdoof en mag enige brandende materiaal wat van die monster afdrup nie die katoengaas laat ontbrand nie.

4. MERKE.

4.1 Die volgende besonderhede moet leesbaar en onuitwisbaar op elke aansitter aangebring wees:

(a) Die fabrikant se naam, handelsnaam of handelsmerk, of enige kombinasie hiervan;

(b) die drywing of die drywingsbestek van die lampe waarvoor die aansitter bedoel is;

(c) die aangeslane spanning of spanningsbestek van die aansitter;

(d) 'n modelidentifikasie, bv. 'n katalogusnommer;

(e) lotidentifikasie.

5. ONDERSOEK EN TOETSMETODES.

5.1 ONDERSOEK: Ondersoek die aansitter visueel en meet dit vir voldoening aan al die vereistes van die spesifikasie waarvoor toetse vir die beoordeling van voldoening nie in 5.3 tot en met 5.9 aangegee word nie.

5.2 TOETSTOESTANDE.

5.2.1 *Temperatuur:* Voer die toetse by 'n omgewingstemperatuur van 25 ± 5 °C uit, tensy daar anders gespesifiseer word.

5.2.2 *Toetsvolgorde:* Voer die toetse in die aangegewe volgorde uit en gebruik dieselfde aansitter vir al die toetse.

5.3 ISOLASIEWEERSTANDSTOETS.

5.3.1 *Apparaat:*

(a) *Ohmmeter:* 'n Ohmmeter wat 'n GS-spanning van hoogstens 500 V gebruik.

(b) *Humiditeitskabinet:* 'n Kabinet waarin die relatiewe humiditeit binne die bestek van 91–95 % en die temperatuur binne die bestek van 20–27 °C, behoudens 'n toleransie van ±1 °C, gehou word.

5.3.2 *Prosedure:*

(a) Kondisioneer die aansitter vir 'n tydperk van minstens vier uur by 'n omgewingstemperatuur wat nie met meer as $^{+4}_{-0}$°C van die temperatuur in die humiditeitskabinet verskil nie.

(b) Onderwerp die aansitter vir 'n tydperk van 48 uur aan humiditeitsbehandeling in die humiditeitskabinet.

(c) Draai die omhulsel van die aansitter onmiddellik na die humiditeitsbehandeling in 'n laag metaalfoelie toe en lê een minuut lank 'n GS-spanning van 500 ± 10 V tussen die lewendige dele en die foelie aan. Meet die isolasieweerstand tussen hierdie dele en gaan na vir voldoening aan 3.4.

5.4 TOETS VIR DIËLEKTRIESE STERKTE.

5.4.1 *Apparaat:*

(a) *Transformator:* 'n Transformator wat 'n reëlbare WS-spanning van tot 1 500 V WGK aan die aansitter kan lewer en waarvan die las op geskikte wyse beperk is.

(b) *Voltmeter:* 'n Voltmeter wat met die sekondêre kant van die transformator verbind is (regstreeks of deur middel van 'n voltmeterspoel wat in die toetstransformator voorsien is of deur 'n hulpverhoudingstransformator).

5.4.2 *Prosedure:* Lê onmiddellik na die isolasieweerstandstoets, met die foelie nog steeds om die aansitter, 'n GS-toetsspanning van 1 500 V WGK tussen die lewendige dele en die foelie aan. Lê die toetsspanning aan deur die spanning geleidelik te verhoog vanaf 'n waarde wat nie hoër as die aangeslane toevoerspanning van die aansitter is nie. Hou die toetsspanning vir 'n tydperk van 60 sekondes vol, verlaag dit dan geleidelik tot by die aanvangswaarde en gaan na vir voldoening aan 3.5.

5.5 TOETS VIR WRINGWEERSTAND: Gebruik 'n geskikte masjien met 'n passtuk wat die penne van die aansitter in 'n vaste posisie kan hou. Wend by die bokant van die omhulsel 'n wringkrag wat geleidelik van nul tot 0,6 N.m verhoog word, om die as van die aansitter aan. Gaan na vir voldoening aan 3.6.

5.6 TOETS VIR MEGANIESE STERKTE.

5.6.1 *Apparaat:* 'n Tuimeltrommel soos in Fig. 4 aangetoon.

5.6.2 *Prosedure:* Laat die aansitter 20 maal val op die staalplate in die tuimeltrommel wat teen 5 r/min. draai (d.w.s. 10 valslae per minuut vir twee minute). Gaan na vir voldoening aan 3.7.

5.7 HITTEBESTANDHEIDSTOETS.

5.7.1 *Apparaat:*

(a) *Oond:* 'n Dwangtrekoond waarvan die binnetemperatuur by 125 ± °C gehou kan word.

(b) *Boldrukapparaat:* 'n Boldrukapparaat soos in Fig. 5 aangetoon, wat 'n krag van 20 N uitoefen.

5.7.2 *Prosedure:*

(a) Hou die aansitter vir 'n tydperk van 168 uur in die oond wat by 'n temperatuur van 125 ± 5 °C gehou word.

(b) Haal die aansitter uit die oond, laat dit afkoel en gaan na vir voldoening aan 3.8 (a).

(c) Haal uitwendige dele van isoleermateriaal van die aansitter af en ondersteun die oppervlak van die deel in 'n horisontale posisie in die oond.

(d) Wend met behulp van die boldrukapparaat 'n krag van 20 N op die oppervlak wat getoets moet word, aan.

(e) Hou die temperatuur in die oond vir 'n tydperk van een uur by 125 ± 5 °C.

(f) Verwyder die boldrukapparaat en meet onmiddellik die diameter van die induiking wat gemaak is.

(g) Gaan na vir voldoening aan 3.8 (c).

5.8 TOETS VIR BESTANDHEID VAN KAPASITORS TEEN VLAMME EN ONTBRANDING.

(a) Haal die kapasitor uit die aansitter en onderwerp die kapasitor, met gebruik van die apparaat in 5.4.1 beskryf, aan 'n WS-spanning (op die aansluiters van die kapasitor aangelê) wat geleidelik verhoog word totdat deurslag plaasvind.

(b) Verbind die kapasitor in serie met 'n induktiewe ballas van 40 W wat voldoen aan die vereistes van SABS 890 'Ballaste vir fluoresseerlampe' soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 463 van 9 Julie 1982, en lê die aangeslane spanning van die ballas vyf minute lank aan.

(c) Gaan na vir voldoening aan 3.9.2.

5.9 TOETS VIR BESTANDHEID VAN ISOLEERMATERIAAL TEEN BRAND.

5.9.1 *Apparaat:*

(a) *'n Brander:* 'n Brander wat uit 'n buis met 'n binnediameter van 0,5 ± 0,1 mm bestaan en wat butaan met 'n suiwerheid van minstens 95 % verbrand en 'n vlam met 'n lengte van 12 ± 2 mm lewer.

(b) *Katoengaas:* Vyf lae katoengaas wat plat op 'n horisontale oppervlak geplaas is.

5.9.2 *Prosedure:*

(a) Klem die deel wat getoets moet word 500 ± 10 mm bo die katoengaas vas.

(b) Wend die vlam vir 'n tydperk van 10 sekondes in stil lug op die deel wat getoets moet word aan deur die punt van die brander ongeveer 6 mm van die oppervlak van die deel af te hou.

(c) Neem die vlam weg en gaan na vir voldoening aan 3.10.



1	2	3
Verwysing	Afmetings, mm	
	Min	Maks
A	12,5	12,9
B	-	21,5
D	4,7	5,0
E	2,8	3,2
H	33,0	36,0
L	-	4,3
S	1,7	-
T	1,9	2,2
V	2,7	-
W*	4,2	-

* Afstand waaroor afmeting *V* geld.

Fig 1 - Afmetings van Aansitters vir Buisfluoresseerlampe



Afmetings in millimeter

OPM : Die tekening is slegs bedoel om die wesenlike afmetings van die maat aan te toon.

Doel : Vir die kontrolering van afmeting *D* min, *D* maks, *L* maks en die gekombineerde pendiameter en verplasing van penne.

Toets : Die penne moet in die maatgat d_1, oppervlak *O* ingaan en, wanneer die penne heeltemal ingesteek is, moet die oppervlakke van die aansitter en die maat met mekaar in kontak wees. In hierdie posisie mag die ente van die penne nie by vlak *Y* verbysteek nie. Die individuele pen moet in gat d_2 ingaan, maar mag nie in gat d_3 ingaan nie.

1	2	3
Verwysing	Afmeting, mm	Toleransie
A	12,70	±0,005
D_1	5,20	+0,01
D_2	5,00	+0,01
D_3	4,70	-0,01
L	4,30	+0,02
M	35	Ong

Fig 2 - Pas- en Pasniemaat vir Aansitters



OPM : Die tekening is slegs bedoel om die wesenlike afmetings van die maat aan te toon.

1	2	3	4
Verwysing	Afmeting, grade	Afmeting, mm	Toleransie, mm
A		12,70	±0,005
B		21,50	+0,01
D		5,20	+0,01
E		3,40	+0,01
K		19,0	+0,2
M		35	ong
N		13	ong
S		1,70	-0,01
T_1		1,90	-0,01
T_2		2,20	+0,01
α	45		ong
β	15		ong
V		2,60	-0,01
W		4,15	-0,01

Doel: Vir die kontrolering van afmeting *B* maks, *S* min, *T* min, *T* maks en die posisie van die penne ten opsigte van die afmetings *A*, *D* en *E* van fig 1.

Toets: Die aansitter moet by oppervlak *O* in die maat ingaan totdat die koppe van die penne deur die gate *d* gegaan het. Die aansitter word dan deur ongeveer 45° gedraai en so in posisie gebring dat die koppe van die penne in noue kontak met oppervlak *X* is. In hierdie posisie mag die ente van die koppe van die penne nie onder oppervlak Y_1 wees nie, en ook nie oppervlak Y_2 verbysteek nie.

Die middelpen soos deur die afmetings *V*-*W* bepaal, mag tydens die toets aan inwendige dele van die aansitter raak of dit beweeg.

Fig 3 - Pasmaat vir Aansitters



Fig 4 - Tuimeltrommel



Fig 5 - Boldrukapparaat

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 625 **7 April 1989**

REPEAL OF PROCLAMATION 70 OF 1982 AND REDECLARATION OF A PORTION OF NATIONAL ROUTE 1, SECTION 21, PROVINCE OF THE TRANSVAAL

By virtue of the powers vested in me by section 4 (1) (c) of the National Roads Act, 1971 (Act No. 54 of 1971), I hereby repeal Proclamation 70 of 1982, and by virtue of the powers vested in me by section 4 (1) (a) of the said Act I hereby declare that the route, the boundaries of which have been fixed by survey, as indicated on the attached plan shall be a national road.

E. VAN DER M. LOUW,
Minister of Transport Affairs.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 625 **7 April 1989**

INTREKKING VAN PROKLAMASIE 70 VAN 1982 EN HERVERKLARING VAN 'N GEDEELTE VAN NASIONALE ROETE 1, SEKSIE 21, PROVINSIE TRANSVAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 (1) (c) van die Wet op Nasionale Paaie, 1971 (Wet No. 54 van 1971), trek ek hierby Proklamasie 70 van 1982 in, en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 (1) (a) van gemelde Wet verklaar ek hierby dat die roete waarvan die grense deur opmeting bepaal is, soos aangedui op die aangehegte plan, 'n nasionale pad is.

E. VAN DER M. LOUW,
Minister van Vervoerwese.



Nasionale Vervoerkommissie National Transport Commission	Die figuur getoon The figure shown		stel die padreserwe voor van 'n gedeelte van Nasionale Roete 1 Seksie 21 represents the road reserve of a portion of National Route 1 Section 21	Vel Sheet 1 van of 4 P 326/87

D.O.9A



Nasionale Vervoerkommissie National Transport Commission	Die figuur getoon The figure shown		stel die padreserwe voor van 'n gedeelte van Nasionale Roete 1 Seksie 21 represents the road reserve of a portion of National Route 1 Section 21	Vel Sheet 2 van of 4 P 326/87



Nasionale Vervoerkommissie National Transport Commission	Die figuur getoon The figure shown		stel die padreserwe voor van 'n gedeelte represents the road reserve of a portion van Nasionale Roete 1 Seksie 21 of National Route 1 Section 21	Vel 3 van 4 Sheet 3 of 4 P 326/87

D.O.9A

PADRESERWE KOÖRDINATE / ROAD RESERVE CO-ORDINATES

LINKERKANT/LEFT HAND SIDE

Y X Lo 29 °

Konstant / Constant

0,00 +2 800 000,00

L1	+84 597,19	+67 049,89
L2	+84 439,36	+66 769,78
L3	+84 301,04	+66 465,57
L4	+84 309,91	+66 380,84
L5	+84 311,14	+66 295,49
L6	+84 302,55	+66 218,71
L7	+84 265,23	+65 887,61
L8	+84 233,83	+65 890,31
L9	+84 245,60	+65 996,49
L10	+84 247,00	+66 124,00
L11	+84 197,00	+66 131,00
L12	+84 162,00	+66 125,00
L13	+84 120,00	+66 095,00
L14	+84 091,87	+66 065,11
L15	+84 080,24	+66 052,52
L16	+84 040,29	+65 986,04
L17	+83 896,72	+65 662,86
L18	+83 835,13	+65 491,65
L19	+83 778,71	+65 318,66
L20	+83 727,49	+65 144,04
L21	+83 681,52	+64 967,90
L22	+83 661,64	+64 882,49
L23	+83 655,65	+64 856,33
L24	+83 649,75	+64 829,51
L25	+83 585,77	+64 818,50
L26	+83 592,10	+64 845,34
L27	+83 597,94	+64 872,92
L28	+83 643,00	+65 168,00
L29	+83 661,00	+65 458,00
L30	+83 681,00	+65 612,00
L31	+83 617,00	+65 544,00
L32	+83 545,00	+65 474,00
L33	+83 442,00	+65 381,00
L34	+82 329,00	+64 324,00
L35	+82 195,00	+64 180,00
L36	+82 168,00	+64 120,00
L37	+82 162,00	+64 051,00
L38	+82 164,00	+63 975,00
L39	+82 146,00	+63 929,00
L40	+82 118,00	+63 890,00
L41	+82 071,00	+63 856,00
L42	+81 896,00	+63 774,00
L43	+81 690,00	+63 709,00
L44	+81 590,00	+63 615,00
L45	+81 448,00	+63 492,00
L46	+80 074,00	+62 191,00
L46A	+79 535,83	+61 843,24
L47	+79 325,00	+61 707,00

REGTERKANT/RIGHT HAND SIDE

Y X

Konstant / Constant

0,00 +2 800,00

R1	+84 537,05	+67 086,14
R2	+84 450,43	+66 980,94
R3	+84 395,59	+66 942,78
R4	+84 325,00	+66 920,00
R5	+84 235,00	+66 917,00
R6	+84 224,00	+66 932,00
R7	+84 225,00	+67 000,00
R8	+84 190,00	+67 010,00
R9	+84 179,09	+66 924,28
R10	+84 169,76	+66 805,73
R11	+84 206,27	+66 645,40
R12	+83 607,00	+65 757,00
R13	+83 467,00	+65 575,00
R14	+83 312,00	+65 381,00
R15	+83 069,00	+65 138,00
R16	+82 716,00	+64 803,00
R17	+82 579,00	+64 684,00
R18	+82 503,00	+64 603,00
R19	+82 398,00	+64 504,00
R20	+82 309,00	+64 434,00
R21	+82 236,00	+64 381,00
R22	+82 156,00	+64 343,00
R23	+81 733,00	+64 251,00
R24	+81 781,00	+64 069,00
R25	+81 722,00	+64 016,00
R26	+81 358,00	+63 515,50
R27	+80 534,00	+62 740,00
R28	+80 146,00	+62 370,00
R29	+78 804,00	+61 556,00
R35	+78 838,15	+61 419,38
R36	+78 751,58	+61 385,37
R37	+78 613,68	+61 355,91
R38	+78 587,21	+61 350,43
R39	+78 413,78	+61 304,85
R40	+78 327,16	+61 289,29

Vel Sheet 4 van of 4 P326/87

GENERAL NOTICES

NOTICE 228 OF 1989

OFFICE FOR PRIVATISATION AND DEREGULATION

DRAFT BUSINESSES ACT, 1989

The Draft Businesses Act, 1989, is hereby published for general information and comment.

Any comments or representations thereanent should be lodged in writing with the Chief Executive: Privatisation and Deregulation, P.O. Box 55711, Arcadia, 0007, before or on 8 May 1989.

General explanatory note:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactment.

——— Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

BILL

To repeal or amend certain laws regarding the licensing and carrying of businesses, and shop hours; to make certain new provision regarding such licensing and carrying on of business; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Administrator" means an Aministrator as defined in the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986); (i)

(ii) "authorization" means an authorization referred to in section 2 (6); (vii)

(iii) "business", for the purposes of sections 2 and 3, means any business contemplated in a paragraph of Item 1 (1), or in a paragraph of Item 2, of Schedule 1, but excluding any business mentioned in Schedule 2; (ii)

(iv) "carry on business" includes the opening or keeping open of any premises for such purpose; (iii)

(v) "condition", in relation to a licence, means a condition imposed under section 2 (5) and mentioned in the relevant licence; (xi)

(vi) "employee" means any person who is employed by or working for any employer and receiving or entitled to receive any remuneration, and any other person whomsoever who in any manner assists in the carrying on or conducting of the business of an employer; (xiii)

(vii) "employer" means any person whomsoever who employs or provides work for any person and remunerates or expressly or tacitly undertakes to remunerate him or who permits any person whomsoever in any manner to assist him in the carrying on or conducting of his business; (xii)

(viii) "licence", in relation to a business, means a licence referred to in section 2 (3); (iv)

(ix) "licence holder" means a person who is the holder of a licence; (v)

(x) "licensing authority" means any local authority which has been designated, or any person or body who has been appointed, under section 2 as a licensing authority; (vi)

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 228 VAN 1989

KANTOOR VIR PRIVATISERING EN DEREGULERING

KONSEPWETSONTWERP OP BESIGHEDE, 1989

Die Konsepwetsontwerp op Besighede, 1989, word hierby vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer.

Enige kommentaar of vertoë daaromtrent moet skriftelik voor of op 8 Mei 1989 by die Uitvoerende Hoof: Privatisering en Deregulering, Posbus 55711, Arcadia, 0007, ingedien word.

Algemene verduidelikende nota:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

——— Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WETSONTWERP

Om sekere wette betreffende die lisensiëring en dryf van besighede, en winkelure, te herroep of te wysig; sekere nuwe voorsiening betreffende sodanige lisensiëring en dryf van besigheid te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Administrateur" 'n Administrateur soos omskryf in die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986); (i)

(ii) "besigheid", by die toepassing van artikels 2 en 3, enige besigheid beoog in 'n paragraaf van Item 1 (1), of in 'n paragraaf van Item 2, van Bylae 1, uitgesonderd 'n besigheid in Bylae 2 vermeld; (iii)

(iii) "besigheid dryf" ook om enige perseel vir so 'n doel oop te maak of oop te hou; (iv)

(iv) "lisensie", met betrekking tot 'n besigheid, 'n lisensie in artikel 2 (3) bedoel; (viii)

(v) "lisensiehouer" 'n persoon wat die houer van 'n lisensie is; (ix)

(vi) "lisensie-owerheid" enige plaaslike owerheid, of persoon of liggaam, wat kragtens artikel 2 as lisensie-owerheid aangewys of aangestel is; (x)

(vii) "magtiging" 'n magtiging bedoel in artikel 2 (6); (ii)

(viii) "Minister" die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, handelende na oorlegpleging met elke Administrateur; (xii)

(ix) "openbare feesdag" Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag en Kersdag; (xiii)

(x) "plaaslike owerheid"—

(a) 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961);

(xi) "local authority" means—

(a) any institution or body referred to in section 84 (1) (f) of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961);

(b) a local aurthority as defined in section 1 (1) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982);

(3) a board of management or board as defined in section 1 of the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 9 of 1987);

(d) a local government body established by virtue of the provisions of section 30 (2) (a) of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927; (x)

(xii) "Minister" means the Minister of Economic Affairs and Technology, acting after consultation with every Administrator; (viii)

(xiii) "public holiday" means Good Friday, Ascension Day, Day of the Vow and Christmas Day. (ix)

Licensing authorities and licensing of businesses

2. (1) An Administrator may by notice in the *Official Gazette* designate a local authority, or appoint any person or body, as a licensing authority for an area which the Administrator specifies or defines in the notice, to undertake from a date specified in the notice the licensing of businesses in the area concerned.

(2) An Administrator may at any time amend or withdraw any such notice in a similar manner.

(3) No person shall with effect from the date specified in a notice under subsection (1) in respect of a specific licensing authority, carry on any business in the area of the licensing authority concerned—

(a) unless he is the holder of a licence issued to him by the licensing authority;

(b) contrary to any condition or authorization endorsed on the licence.

(4) A licensing authority shall not refuse to issue a licence which is properly applied for, for any reason other than that the relevant premises do not comply with a requirement relating to the safety or health of the public, of any law which applies to such premises.

(5) A licensing aurthority may issue a licence subject to any condition therein stated in terms of which the licence holder shall in connection with the relevant premises comply within a specified period, or any further period which the licensing authority may on application grant before the expiry of the firstmentioned period, with a specified requirement contemplated in subsection (4).

(6) Whenever a licensing authority imposes any condition such authority shall decide whether and, if so, to what extent, the licence holder may be authorized, until such time as the provisions of the condition have been complied with, to carry on the relevant business in, on or from the premises concerned, and such authority shall, if it decides to grant such authorization, endorse the authorization on the licence and, if it decides not to grant the authorization, notify the licence holder by written notice of the decision.

(b) 'n plaaslike owerheid soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982);

(c) 'n bestuursraad of raad soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 9 van 1987);

(d) 'n plaaslike bestuursliggaam ingestel uit hoofde van artikel 30 (2) (a) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927); (xi)

(xi) "voorwaarde", met betrekking tot 'n lisensie, 'n voorwaarde kragtens artikel 2 (5) opgelê en in die betrokke lisensie vermeld; (v)

(xii) "werkgewer" enige persoon hoegenaamd wat enige persoon in diens het of aan hom werk verskaf, en wat daardie persoon beloon, of uitdruklik of stilswyend onderneem om hom te beloon, of wat enige persoon hoegenaamd toelaat om hom op enige wyse te help om sy besigheid voort te sit of te dryf; (vii)

(xiii) "werknemer" enige persoon wat in diens is by of werk verrig vir enige werkgewer en beloning ontvang of geregtig is om dit te ontvang en enige ander persoon hoegenaamd wat op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te dryf. (vi)

Lisensie-owerhede en lisensiëring van besighede

2. (1) 'n Administrateur kan by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* 'n plaaslike owerheid aanwys, of 'n persoon of liggaam aanstel, as 'n lisensie-owerheid vir 'n gebied wat die Administrateur in die kennisgewing bepaal of omskryf, om vanaf 'n datum in die kennisgewing vermeld die lisensiëring van besighede in die betrokke gebied te onderneem.

(2) 'n Administrateur kan te eniger tyd enige sodanige kennisgewing op dergelike wyse wysig of intrek.

(3) Niemand mag met ingang van die datum in 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) ten opsigte van 'n bepaalde lisensie-owerheid vermeld, enige besigheid in die gebied van die betrokke lisensie-owerheid dryf nie—

(a) tensy hy die houer is van 'n lisensie wat deur die lisensie-owerheid aan om uitgereik is;

(b) in stryd met 'n voorwaarde of 'n magtiging wat op die lisensie aangeteken is.

(4) 'n Lisensie-owerheid weier nie om 'n lisensie waarom behoorlik aansoek gedoen word, uit te reik nie om enige ander rede as dat die betrokke perseel nie voldoen aan enige vereiste met betrekking tot die veiligheid of gesondheid van die publiek, van 'n wet wat op sodanige perseel van toepassing is.

(5) 'n Lisensie-owerheid kan 'n lisensie uitreik onderworpe aan enige voorwaarde daarin vermeld ingevolge waarvan die lisensiehouer in verband met die betrokke perseel binne 'n aldus vermelde tydperk, of die verdere tydperk wat die lisensie-owerheid voor die verstryking van eersvermelde tydperk op aansoek mag toestaan, aan 'n aldus vermelde vereiste beoog in subartikel (4) moet voldoen.

(6) Wanneer 'n lisensie-owerheid 'n voorwaarde oplê, moet dié owerheid besluit of en, indien wel, in welke mate, die lisensiehouer gemagtig kan word om, tot tyd en wyl daar aan die voorwaarde voldoen is, die betrokke besigheid in, op of vanaf die betrokke perseel te dryf, en moet dié owerheid, indien hy besluit om so 'n magtiging te verleen, die magtiging op die lisensie aanteken en, indien hy besluit om nie so 'n magtiging te verleen nie, die lisensiehouer by skriftelike kennisgewing van die besluit in kennis stel.

(7) If the licensing authority decides not to grant such authorization, the licence holder shall for the purposes of subsection (3) be deemed not to be the holder of a licence, until all conditions endorsed on the licence have in terms of subsection (8) (b) been revoked, or the conditions in question have been complied with, and a suitable endorsement has in terms of subsection (8) been made on the licence.

(8) A licensing authority may on application by a licence holder by way of endorsement on the licence—

(a) amend any condition;

(b) revoke any condition;

(c) indicate that there has been compliance with the provisions of a condition stated therein.

(9) The provisions of subsections (5), (6) and (7) shall *mutatis mutandis* apply in respect of an amended condition referred to in subsection (8) (a).

(10) A licence shall not be withdrawn or suspended by a licensing authority except on the ground that the relevant premises do not at the time of the withdrawal or suspension, comply with a requirement contemplated in subsection (4).

Appeals

3. Any person who feels himself aggrieved—

(a) by a decision of a licensing authority to refuse to issue to him a licence for which he has applied;

(b) by a condition which has been imposed by a licensing authority in respect of his licence;

(c) by a refusal by a licensing authority to grant him an authorization;

(d) by a refusal by a licensing authority to amend or revoke a condition in respect of his licence;

(e) by a refusal by a licensing authority to indicate on his licence that a condition has been complied with;

(f) by a suspension or withdrawel of his licence by a licensing authority,

may note an appeal in accordance with the provisions of any proclamation issued by the Administrator under section 6 against the relevant decision of the licensing authority.

Amendment or substitution of Schedules

4. The Minister may, whenever he deems it necessary or expedient in the public interest or for the better attainment of the objects of this Act, amend or substitute Schedules 1, 2, 4 or 5 by notice in the *Gazette*.

Penal provisions

5. (1) Any person who contravenes any provision of section 2 (3) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

(2) When a person in control of a business, or a director, manager, employee or agent of a licence holder, or any person who is a relative of such licence holder by consanguinity, affinity or adoption commits any act which it would be an offence under subsection (1), read with section 2 (3) (b), for such licence holder to commit

(7) Indien die lisensie-owerheid besluit om nie so 'n magtiging te verleen nie, word die lisensiehouer by die toepassing van subartikel (3) geag nie 'n houer van 'n lisensie te wees nie, totdat alle voorwaardes op die lisensie aangeteken ingevolge subartikel 8 (b) ingetrek is, of aan die betrokke voorwaardes voldoen is, en 'n toepaslike aantekening ingevolge subartikel (8) op die lisensie aangebring is.

(8) 'n Lisensie-owerheid kan op aansoek van 'n lisensiehouer by wyse van 'n aantekening op die lisensie—

(a) 'n voorwaarde wysig;

(b) 'n voorwaarde intrek;

(c) aandui dat daar aan 'n voorwaarde in die lisensie vermeld, voldoen is.

(9) Die bepalings van subartikels (5), (6) en (7) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n gewysigde voorwaarde in subartikel (8) (a) beoog.

(10) 'n Lisensie word nie deur 'n lisensie-owerheid opgeskort of ingetrek nie behalwe op grond daarvan dat ten tyde van die opskorting of intrekking die betrokke perseel nie voldoen aan 'n vereiste beoog in subartikel (4) nie.

Appèlle

3. Iemand wat hom veronreg voel—

(a) deur 'n besluit van 'n lisensie-owerheid om nie 'n lisensie waarom hy aansoek gedoen het, aan hom uit te reik nie;

(b) deur 'n voorwaarde wat ten opsigte van sy lisensie deur 'n lisensie-owerheid opgelê is;

(c) deur 'n weiering deur 'n lisensie-owerheid om 'n magtiging aan hom te verleen;

(d) deur 'n weiering deur 'n lisensie-owerheid om 'n voorwaarde ten opsigte van sy lisensie te wysig of in te trek;

(e) deur 'n weiering deur 'n lisensie-owerheid om op sy lisensie aan te dui dat aan 'n voorwaarde voldoen is;

(f) deur 'n opskorting of intrekking van sy lisensie deur 'n lisensie-owerheid,

kan ooreenkomstig die bepalings van 'n proklamasie uitgereik deur 'n Administrateur kragtens artikel 6 teen die betrokke besluit van die lisensie-owerheid appèl aanteken.

Wysiging of vervanging van Bylaes

4. Die Minister kan, wanneer hy dit in die openbare belang of ter beter verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet nodig of dienstig ag, by kennisgewing in die *Staatskoerant* Bylaes 1, 2, 4 of 5 wysig of vervang.

Strafbepalings

5. (1) Iemand wat 'n bepaling van artikel 2 (3) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf van hoogstens ses maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(2) Wanneer iemand in beheer van 'n besigheid, of 'n direkteur, bestuurder, werknemer of verteenwoordiger van 'n lisensiehouer of enige persoon wat verwant is aan 'n lisensiehouer deur bloedverwantskap, aanverwantskap of aanneming, enige handeling verrig wat kragtens subartikel (1), saamgelees met artikel 2 (3) (b), 'n misdryf sou wees as so 'n lisensiehouer dit self

himself, the licence holder shall be deemed to have committed such act himself, and shall be liable on conviction to the penalties mentioned in subsection (1), unless he proves to the satisfaction of the court that—

(a) in committing such act the person in control, or the director, manager, employee, agent or relative was acting without his knowledge or permission;

(b) all reasonable steps were taken by him to prevent the commission of any act of the kind in question; and

(c) it was not under any condition or in any circumstances within the scope of the authority or the course of employment of such person in control, or such director, manager, employee, agent or relative to commit any act of the kind in question.

(3) The fact that a licence holder issued instructions forbidding any act referred to in subsection (1), shall not of itself be accepted as sufficient proof that he took all steps referred to in subsection (2) (b).

(4) Whenever a licence holder is by virtue of the provisions of subsection (2) liable for anything done by any other person, such other person shall also be liable as if he were such licence holder.

(5) A fine imposed or bail estreated in respect of an offence under subsection (1), shall be paid—

(a) where the offence was committed within the area of jurisdiction of a local authority which is the licensing authority for such area, to such licensing authority; or

(b) where the offence was committed within an area not forming part of the area of jurisdiction of a local authority, or in respect of which the relevant local authority is not the licensing authority, to the Administrator concerned.

Legislative power of Administrator

6. An Administrator may, subject to the provisions of this Act and the Financial Relations Act, 1976 (Act No. 65 of 1976), by proclamation in the *Official Gazette* regulate, subject to and in accordance with the provisions of the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986), any matter mentioned in Schedule 3.

Repeal of laws

7. (1) Subject to the provisions of subsections (2), (3) and (4), the laws mentioned in Schedule 6 are hereby repealed to the extent indicated in the third column of that Schedule.

(2) The repeal by subsection (1) of any particular law shall, in so far as such law relates to—

(a) any matter contemplated in paragraphs 1 and 4 of Schedule 3, read with sections 2 and 3 of this Act;

(b) any matter contemplated in paragraph 2, read with paragraph 4, of the said Schedule 3;

(c) any matter contemplated in paragraph 3, read with paragraph 4, of the said Schedule 3,

take effect in a province on a date determined by the Administrator in respect of every such case by proclamation in the *Official Gazette*.

sou verrig, word die lisensiehouer geag self so 'n handeling te verrig het, en is hy by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in subartikel (1) vermeld, tensy hy ten genoeë van die hof bewys dat—

(a) toe die persoon in beheer, of die direkteur, bestuurder, werknemer, verteenwoordiger of verwant die handeling verrig het, hy sonder sy medewete of toestemming opgetree het;

(b) alle redelike stappe deur hom gedoen is om die verrigting van 'n handeling van die betrokke aard te verhoed; en

(c) dit nie kragtens enige voorwaarde of in enige omstandighede binne die bestek van die bevoegdheid of in die loop van die diens van so 'n persoon in beheer, of so 'n direkteur, bestuurder, werknemer, verteenwoordiger of verwant was om enige handeling van die betrokke aard te verrig nie.

(3) Die feit dat 'n lisensiehouer opdrag gegee het waarby enige handeling in subartikel (1) bedoel, verbied word, word nie opsigself aanvaar as voldoende bewys dat hy alle stappe in subartikel (2) (b) bedoel, gedoen het nie.

(4) Wanneer 'n lisensiehouer uit hoofde van die bepalings van subartikel (2) aanspreeklik is vir enige handeling wat deur enige ander persoon verrig is, is so 'n ander persoon ook aanspreeklik asof hy die lisensiehouer is.

(5) 'n Boete opgelê of borggeld verbeur ten opsigte van 'n misdryf ingevolge subartikel (1), word betaal—

(a) waar die misdryf gepleeg is binne die regsgebied van 'n plaaslike owerheid wat die lisensie-owerheid vir sodanige gebied is, aan so 'n plaaslike owerheid; of

(b) waar die misdryf gepleeg is binne 'n gebied wat nie deel vorm van die regsgebied van 'n plaaslike owerheid nie, of ten opsigte waarvan die betrokke plaaslike owerheid nie die lisensie-owerheid is nie, aan die betrokke Administrateur.

Wetgewende bevoegdheid van Administrateur

6. 'n Administrateur kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Wet op finansiële Verhoudings, 1976 (Wet No. 65 van 1976), by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige aangeleentheid in Bylae 3 vermeld, behoudens en ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), reël.

Herroeping van wette

7. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4) word die wette in Bylae 6 vermeld hierby herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae uiteengesit.

(2) Die herroeping by subartikel (1) van 'n bepaalde wet word, vir sover so 'n wet betrekking het op—

(a) enige aangeleentheid beoog in paragrawe 1 en 4 van Bylae 3, saamgelees met artikels 2 en 3 van hierdie Wet;

(b) enige aangeleentheid beoog in paragraaf 2, saamgelees met paragraaf 4, van genoemde Bylae 3;

(c) enige aangeleentheid beoog in paragraaf 3, saamgelees met paragraaf 4, van genoemde Bylae 3,

in 'n provinsie van krag op 'n datum wat die Administrateur ten opsigte van enige sodanige geval by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

(3) Different dates may under subsection (2) be so determined in respect of different laws, different provisions of any such law, different areas of juridiction of different local authorities, or different specified areas.

(4) An Administrator may in any such proclamation enact such transitional provisions and savings as he may in connection with any particular law, or provision thereof, deem necessary.

Short title and commencement

8. (1) This Act shall be called the Businesses Act, 1989, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may under subsection (1) be fixed in respect of different provinces and different provisions of this Act.

SCHEDULE 1

Businesses in respect of which a licence is required

(Section 2)

INDEX

Licence	*Item*
Food Handler and Caterer	1
Place of Entertainment and Place of Congregation.....	2

Item 1: Food Handler and Caterer—licence

(1) This licence shall be required by a person carrying on business by—

(a) selling raw meat or fish, excluding the sale of raw fresh meat or fish by the fisherman concerned or at a public or municipal market in accordance with relevant market bye-laws by a market master or out of hand;

(b) selling food on or in premises other than a private residence in the form of meals or refreshments for consumption on or off the business premises;

(c) selling milk or milk products, excluding milk or a milk product in the sealed and unopened container in which the milk or milk product was supplied;

(d) preparing, manufacturing, preserving, processing, smoking, curing or treating food on or in any premises other than a private residence; or

(e) extracting fat by boiling or melting fat and tallow from animals slaughtered by him or from carcasses purchased by him.

(2) For the purposes of subitem (1)—

(a) "container", in relation to milk or a milk product, means a package that is impervious to liquid and leakproof and will protect the foodstuff therein from contamination under normal conditions of storage, handling and transport;

(b) "food" means anything normally intended or destined for human consumption, or purporting to be suitable therefor, including any ingredient used in the composition or preparation thereof or which consitutes a part thereof, but excluding medicine;

(c) "meat" includes the meat of poultry, ostriches and game;

(d) "milk product" means a product derived substantially from milk, with or without food additives permitted by the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act No. 54 of 1972), or other food ingredients;

(3) Verskillende datums kan kragtens subartikel (2) aldus bepaal word ten opsigte van verskillende wette, verskillende bepalings van sodanige wette, verskillende regsgebiede van verskillende plaaslike owerheid of verskillende omskrewe gebiede.

(4) 'n Administrateur kan in enige sodanige proklamasie die oorgangsbepalings en voorbehoude verorden wat hy in verband met enige bepaalde wet, of bepaling daarvan, nodig ag.

Kort titel en inwerkingtreding

8. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Besighede, 1989, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende provinsies en verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

BYLAE 1

Besighede ten opsigte waarvan 'n lisensie vereis word

(Artikel 2)

INHOUDSOPGAWE

Lisensie	*Item*
Voedselhanteerder en Spysenier.....	1
Vermaaklikheidsplek en Plek van Byeenkoms	2

Item 1: Voedselhanteerder en Spysenier-lisensie

(1) Hierdie lisensie word vereis van iemand wat besigheid dryf deur—

(a) die verkoop van rou vleis of vis, uitgesonderd die verkoop van rou vars vis deur die betrokke visser en die verkoop van rou vleis of vis op 'n openbare of munisipale mark ooreenkomstig betrokke markverordeninge deur 'n markmeester of uit die hand;

(b) die verkoop van voedsel op of in 'n ander perseel as 'n privaat woning in die vorm van maaltye of verversings vir verbruik op of weg van die besigheidsperseel;

(c) die verkoop van melk of melkprodukte, behalwe melk of 'n melkproduk in die verseëlde en ongeopende houer waarin die melk of melkproduk voorsien was;

(d) die voorbereiding, vervaardiging, inmaking, verwerking, rook, insouting of behandeling van voedsel op of in 'n ander perseel as 'n privaatwoning; of

(e) die uitsmelting van vet deur vet uit te kook of vet en talk uit te braai van diere deur hom geslag of van karkasse deur hom aangekoop.

(2) By die toepassing van subitem (1) beteken—

(a) "houer", met betrekking tot melk of 'n melkproduk, 'n verpakking wat vloeistofdig en lekvry is en die voedselsoort daarin sal beskerm teen besoedeling in normale bergings-, hanterings- en vervoertoestande;

(b) "melkproduk" 'n produk hoofsaaklik van melk verkry, met of sonder voedseladditiewe veroorloof deur die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmidddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972), of ander voedselbestanddele;

(c) "verkoop" ook om vir verkoop voor te berei, aan te bied, uit te stel, af te lewer, toe te laat, te magtig, te gelas, of te besit;

(d) "vleis" ook die vleis van pluimvee, volstruise en wild;

(e) "sell" includes to prepare, offer, put out, deliver, permit, authorize, direct or possess for sale.

Item 2: Place of Entertainment and Place of Congregation—licence

This licence shall be required by a person carrying on business on or in premises at which members of the public, including members of a club, congregate, by so keeping or conducting—

(a) a nightclub or discotheque;

(b) a roller skating or ice skating ring; or

(c) an amusement park or other place where amusement is provided to the public by means of a merry-go-round, roller-coaster, Ferris wheel or similar apparatus.

SCHEDULE 2

Businesses excluded from businesses contemplated in Schedule 1

1. A business which is carried on by the State or a local authority.

2. A business which is carried on by a charitable, religious, educational, cultural or agricultural association, organisation or institution of a public nature, if any profits derived from such business are devoted entirely to the purposes of the association, organisation or institution concerned.

3. In relation to any business contemplated in Item 1 (1) (b) of Schedule 1, such business which is carried on—

(a) by a social, sports or recreation club which is a non-proprietary club and restricts such business to the preparation for or selling to its members of food in the form of meals or refreshments for consumption on or in the premises on or in which the business is carried on;

(b) by or on behalf of an employer for an employee as such of such employer.

SCHEDULE 3

Matters which an Administrator may regulate by proclamation

(Section 6)

1. The attainment of the objects of sections 2 and 3 of this Act, including, without prejudice to the generality of the aforegoing—

(a) the composition and functions of any body appointed as a licensing authority;

(b) applications that are required or permitted to be made for the purposes of the said sections;

(c) the definition of premises on, in or from which business may be carried on;

(d) the issuing, suspension, withdrawal, lapsing, renewal and transfer of licences;

(e) the issuing of duplicates of licences;

(f) appeals in terms of section 3, including the referral of appeals to appeal committees, and the constitution, functions and procedures, and the legal effect of findings, of such committees;

(g) fees payable in respect of the performacne of any act in relation to any matter contemplated in this item;

(e) "voedsel" enigiets wat gewoonlik vir menslike verbruik bedoel of bestem is, of daarvoor geskik heet te wees, met inbergrip van enige bestanddeel wat in die samestelling of bereiding daarvan gebruik word of wat 'n deel daarvan uitmaak, maar uitgesonderd medisyne.

Item 2: Vermaaklikheidsplek en Plek van Byeenkomslisensie

Hierdie lisensie word vereis van iemand wat besigheid dryf op of in 'n perseel waar lede van die publiek, met inbegrip van lede van 'n klub, bymekaar kom, deur aldus—

(a) 'n nagklub of diskoteek;

(b) 'n rol- of ysskaatsbaan; of

(c) 'n vermaaklikheidspark of 'n ander plek waar vermaak aan die publiek verskaf word deur middel van 'n mallemeule, wipwaentjie, Ferriswiel of soortgelyke apparaat,

